DIE TWAALF TRADISIES

Vertaal uit “Twelve Steps and Twelve Traditions”, Eerste druk April 1953, Drie-en-dertigste druk November 1986.

INHOUD

TRADISIE EEN

“Ons groepswelsyn behoort eerste te kom; persoonlike herstel is van AA-eenheid afhanklik.”

Sonder eenheid kan AA nie oorleef nie. Ons het individuele vryheid, maar ook groot eenheid. Sleutel tot paradoks: Elke AA se lewe hang van gehoorsaamheid aan geestelike beginsels af. Die groep moet oorleef, anders kan die individu nie. Groepswelsyn kom eerste. Hoe om die beste saam te lewe en saam te werk as groepe.

TRADISIE TWEE

“Vir die doel van ons groep is daar slegs een finale gesag – ’n liefdevolle God soos Hy Hom deur ons groepsgewete bekendmaak. Ons leiers is slegs betroubare dienaars; hulle regeer nie.”

Waar kry AA sy leiding? Die enigste gesag in AA is ’n liefdevolle God soos Hy Hom deur die groepsgewete bekendmaak. Vorming van ’n groep. Groeipyne. Roterende komitees is dienaars van die groep. Leiers regeer nie; hulle dien. Het AA werklik leierskap? “Ouer staatsmanne” en “klaende diakens”. Die groepsgewete praat.

TRADISIE DRIE

“Die enigste vereiste vir AA-lidmaatskap is ’n begeerte om op te hou drink.”

Vroeë onverdraagsaamheid was op vrees gegrond. Om enige alkoholis sy kans by AA te ontneem, was soms soos om sy doodsvonnis uit te spreek. Reëls vir lidmaatskap is dus afgeskaf. Twee voorbeelde uit ondervinding. Enige alkoholis is ’n lid as *hy* so sê.

TRADISIE VIER

“Elke AA-groep behoort selfbesturend te wees, behalwe in sake waar dit ander groepe of AA in die geheel raak.”

Elke groep bestuur sy sake soos hy dit goedvind, behalwe wanneer AA in die geheel daardeur bedreig word. Is sulke vryheid gevaarlik? Die groep moet, soos die individu, by beginsels hou wat oorlewing waarborg. Twee gevaartekens – ’n groep behoort niks te doen wat AA in die geheel kan benadeel nie, en behoort hom nie met buite-instansies te affilieer nie. ’n Voorbeeld: die AA-sentrum wat nie gewerk het nie.

TRADISIE VYF

“Elke AA-groep het slegs een hoofdoel – om sy boodskap oor te dra aan die alkoholis wat nog ly.”

Doen liewers een ding goed as ’n klomp ander sleg. Die lewe van ons broederskap hang van hierdie beginsel af.

Die vermoë van elke AA-lid om hom met die nuweling te identifiseer en hom te help herstel, is ’n gawe van God. Om hierdie geskenk aan ander oor te dra, is ons enigste doelwit. Nugterheid kan nie behou word tensy dit weggegee word nie.

TRADISIE SES

“n AA-groep behoort nooit enige verwante fasiliteit of buite-onderneming te onderskryf, te finansier of die AA-naam daaraan te koppel nie, sodat probleme met geld, eiendom en invloed ons nie van ons hoofdoel weglei nie.”

Ondervinding het ons geleer dat ons geen verwante onderneming kan onderskryf nie, ongeag hoe geloofwaardig dit is. Ons kan nie alles vir almal wees nie. Ons het gesien dat ons die AA-naam aan geen buite-instansie kan verleen nie.

TRADISIE SEWE

“Elke AA-groep behoort ten volle selfonderhoudend te wees en bydraes van buite te weier.”

Geen AA-tradisie het sulke erge geboortepyne gehad soos hierdie een nie. Kollektiewe armoede was aan die begin onvermydelik vanweë omstandighede. Ons was bang dat ons uitgebuit sou word. Dus het ons dit noodsaaklikheid gevind om die geestelike van die materiële te skei. Ons het ook besluit om voortaan slegs op vrywillige AA-bydraes staat te maak. AA-lede word direk verantwoordelik gehou om die AA-hoofkantoor te ondersteun. Die hoofkantoor se finansiële beleid is om slegs lopende uitgawes plus ’n verstandige reserwe aan te hou.

TRADISIE AGT

“Alkoholiste Anoniem behoort altyd nieprofessioneel te bly, maar ons dienssentrums mag spesiale werkers in diens neem.”

’n Mens kan nie die twaalfde stap en geld meng nie. Daar is ’n duidelike skeidingslyn tussen vrywillige twaalfdestapwerk en dienste waarvoor ’n mens betaal. AA sou nie sonder voltydse werknemers kon funksioneer nie. Professionele werkers is nie noodwendig professionele AA’s nie. Verhouding van AA tot die nywerheid, onderwys, ens. Daar word nooit vir twaalfdestapwerk betaal nie, maar diegene wat so hard vir ons werk, is hul loon waardig.

TRADISIE NEGE

“Alkoholiste Anoniem as sodanig behoort nooit formeel georganiseer te wees nie, maar ons mag diensrade of komitees stig wat direk aanspreeklik is teenoor diegene wat hulle dien.”

Spesiale diensrade en komitees. Die Algemene Dienskonferensie, die raad van trustees en groepkomitees kan geen opdrag aan AA-lede of AA-groepe uitvaardig nie.

Daar kan nie aan AA-lede, individueel of gesamentlik, voorgeskryf word nie. ’n Gebrek aan dwangmiddele werk, want tensy elke AA-lid die voorgestelde stappe tot herstel volg, vel hy sy eie doodsvonnis. Dieselfde voorwaarde geld vir die groep. Lyding en liefde is AA se dissiplineerders. Dit is

die verskil tussen die gees van gesag en die gees van diens. Die doel van ons diens is om nugterheid binne die bereik van almal te bring wat dit wil hê.

TRADISIE TIEN

"Alkoholiste Anoniem huldig geen mening oor buite-kwessies nie; gevolglik behoort die AA-naam nooit by openbare meningsverskille ingesleep te word nie."

AA kies nie kant in enige openbare meningsverskil nie. Ons teësin om rusie te maak, is nie 'n spesiale deug nie. AA se oorlewing en die verspreiding van ons boodskap is ons hoofdoelwitte. Ons het lesse hieroor uit die Washingtonian-beweging geleer.

TRADISIE ELF

"Ons beleid oor openbare betrekkinge berus daarop dat ons mense aantrek eerder as wat ons AA bemark; ons behoort altyd persoonlike anonimiteit in die pers, oor die radio en op film te behou."

Openbare betrekkinge is vir AA belangrik. Goeie openbare betrekkinge red lewens. Ons streef publisiteit vir AA-beginsels na, nie vir AA-lede nie. Die pers ondersteun ons in hierdie opsig. Persoonlike anonimiteit in die openbaar is die hoeksteen van ons beleid oor openbare betrekkinge. Die elfde tradisie herinner ons gedurig daaraan dat persoonlike ambisie geen plek in AA het nie. So word elke lid 'n aktiewe beskermer van ons broederskap.

TRADISIE TWAALF

"Anonimiteit is die geestelike grondslag van al ons tradisies wat ons altyd daaraan herinner om beginsels bo persoonlikhede te stel."

Die geestelike kern van anonimiteit is opoffering. Om persoonlike doelwitte ondergeskik te stel aan groepswelsyn, is die essensie van al twaalf tradisies. Waarom AA nie 'n geheime organisasie kon bly nie. Beginsels moet bo persoonlikhede gestel word. Daar moet honderd present anonimiteit op die openbare vlak gehandhaaf word. Anonimiteit is ware nederigheid.

DIE TWAALF TRADISIES – DIE LANG FORMAAT

TRADISIE EEN

"Ons groepswelsyn behoort eerste te kom; persoonlike herstel is van AA-eenheid afhanklik."

Eenheid is Alkoholiste Anoniem se kosbaarste eienskap. Elke lid se lewe, en die lewe van elke lid wat nog moet kom, hang volledig hiervan af. 'n Gebrek aan eenheid dra daartoe by dat AA uiteindelik tot niet gaan. Sonder eenheid sal die hart van AA ophou klop, sal ons wêreldwye slagare ophou om God se kraggewende genade te versprei, en sal sy gawe aan ons doelloos verspil word. Alkoholiste sal terugkeer na hul skuilings vanwaar hulle sal sê: "Hoe groot kon die AA nie gewees het nie!"

Party wil bekommerd weet: "Beteken dit dat die individu nie veel in AA tel nie of dat die individu deur die groep gedomineer en ingesluk word?"

Die antwoord is 'n besliste "Nee". Ons glo daar is geen ander broederskap wat soveel toegewyde sorg so rojaal aan sy individuele lede skenk nie; daar is beslis niemand wat die individue se reg om te dink, te praat en op te tree soos hy wil, meer vurig as ons beskerm nie. Geen AA-lid kan 'n ander verplig om enigiets te doen nie. Niemand kan gestraf of uitgesit word nie. Ons twaalf stappe tot herstel is slegs wenke. Die twaalf tradisies wat die eenheid van AA waarborg, bevat nie 'n enkele "moenie" nie. Dit sê herhaaldelik "Ons behoort", maar nooit "Jy moet" nie.

Baie mense dink dat die mate vryheid wat die individu in AA geniet tot pure wanorde moet lei. Elke nuweling, elke vriend wat vir die eerste keer na AA kyk, voel heeltemal uit die veld geslaan. Hulle sien vryheid wat aan wetteloosheid grens; tog merk hulle onmiddellik op dat AA 'n onweerstaanbare doelgerigtheid het. "Hoe," vra hulle, "kan so 'n klomp anargiste hoegenaamd funksioneer? Hoe is dit moontlik dat hulle hul groepswelsyn eerste stel? Wat in hemelsnaam hou hulle bymekaar?"

Diegene wat nader kyk, sien gou die sleutel tot hierdie snaakse paradoks raak. Die AA-lid moet die beginsels van herstel nakom. Sy lewe hang van gehoorsaamheid aan hierdie geestelike beginsels af. As hy te ver van die pad afdwaal, is die straf vinnig en beslis – hy word siek en gaan dood. Aan die begin neem hy dus deel omdat hy moet, maar later ontdek hy 'n lewenswyse wat hy werklik wil uitleef. Daarbenewens besef hy dat hy nie hierdie onskatbare geskenk kan behou, tensy hy dit weggee nie. Sy oorlewing is afhanklik van die verspreiding van die AA-boodskap. Die oomblik dat hierdie twaalfstapwerk op 'n groep uitloop, ontdek hy ook dat die meeste mense nie kan herstel tensy daar'n groep is nie. Hy begin besef dat hy slegs 'n klein deel van 'n groot geheel is; dat geen persoonlike opoffering te groot is vir die behoud van die broederskap nie. Hy leer dat die begeertes en ambisies in hom stilgemaak moet word wanneer dit neig om die groep skade aan te doen. Dit word duidelik dat die groep moet oorleef vir die individu om te oorleef.

Dit was dus van die begin af vir ons 'n baie groot kwessie om te leer hoe om as groep saam te leef en saam te werk. In die wêreld rondom ons het ons gesien hoe persoonlikhede soms hele nasies kon vernietig. Die stryd om rykdom, mag en status was besig om die mensdom soos nog nooit vantevore uitmekaar te skeur nie. As sulke sterk mense in hul soeke na vrede en harmonie net in 'n doodloopstraat opgeëindig het, wat sou dan van 'n klomp swerwende alkoholiste word? Soos wat ons eenmaal vir persoonlike herstel geworstel en gebid het, net so ernstig het ons begin soek na die beginsels waarvolgens AA self kon oorleef. Ons het begin om die struktuur van ons vereniging uit ervaring te bou.

Talle kere, in menige dorp en stad, het ons die storie van Eddie Rickenbacker en sy dapper groep oorvertel. Hul vliegtuig het in die Stille Oseaan neergestort en net soos ons, het hulle bevind dat hulle skielik van die dood gered is, maar dat hulle steeds op 'n gevaarlike see ronddryf. Hulle het beter as enigiemand anders verstaan dat hul groepswelsyn eerste moes kom. Niemand mag selfsugtig met

brood of water gewees het nie. Elkeen moes die ander in ag neem. Indien hulle dit nie gedoen het nie, sou hulle sekerlik hul geloof verloor het en nooit hul werklike krag kon vind nie. En hulle het hul krag gevind, in so ’n mate dat dit al die foute van hul swak vaartuig, alle beproewing, alle onsekerheid, pyn, vrees en wanhoop, selfs die dood van een te bowe gekom het.

So het dit ook met AA gegaan. Deur geloof en harde werk kon ons op die lesse van ’n ongelooflike ervaring bou. Dit leef vandag voort in die twaalf tradisies van Alkoholiste Anoniem, wat – as dit God se wil is – ons in eenheid sal dra so lank as wat Hy ons nodig mag hê.

TRADISIE TWEE

“Vir die doel van ons groep is daar slegs een finale gesag – ’n liefdevolle God soos Hy Hom deur ons groepsgewete bekendmaak. Ons leiers is slegs betroubare dienaars; hulle regeer nie.”

Waar kry AA sy leiding? Wie bestuur dit? Hierdie vrae is ’n raaisel vir enige nuwe AA-lid en -vriend. Hulle is verbaas om te hoor dat AA geen voorsitter het met die gesag om oor ons te regeer nie; geen tesourier wat die betaling van enige ledegeld kan afdwing nie; geen direkteursraad wat ’n lid wat skuldig is aan ’n oortreding, kan uitgooi nie; dat geen AA-lid ’n ander lid ’n opdrag kan gee en gehoorsaamheid daaraan kan eis nie. “Dit kan eenvoudig nie wees nie. Daar moet êrens ’n vangplek wees,” sê hulle verstom. Hulle lees dan Tradisie Twee en leer dat die enigste gesag in AA ’n liefdevolle God is, soos Hy Hom deur die groepsgewete bekendmaak. Uit pure vertwyfeling vra hulle dan ’n ervare AA-lid of dit regtig werk. Die lid, wat voorkom asof hy by sy volle verstand is, antwoord dadelik: “Ja! Dit werk beslis.” Maar selfs dan vind ons vriende hierdie konsep steeds vaag, onduidelik en taamlik naïef. Hulle begin ons dan ondersoekend dophou en soek na stukkies AA-geskiedenis wat hulle die harde feite kan leer.

Wat is hierdie feite van die AA-lewe wat ons by hierdie skynbaar onpraktiese beginsel uitgebring het?

Jan Burger, ’n goeie AA-lid, verhuis na – kom ons sê – Middelburg. Hy woon op sy eie en begin dink dat hy dalk nie nugter kan bly of selfs kan oorleef nie, tensy hy dit wat so vrylik aan hom gegee is, aan ander alkoholiste oordra. Hy voel ’n geestelike en ’n etiese drang, want honderde mense binne bereik van sy hulp verkeer dalk in lyding. Natuurlik mis hy ook sy tuisgroep. Hy het ander alkoholiste net so nodig as wat hulle hom nodig het. Hy besoek dan predikante, dokters, redakteurs, polisiemanne, kroegmanne ensovoorts; gevolglik het Middelburg binnekort ’n groep van sy eie wat *hy* gestig het.

Omdat hy die stigter is, is hy aanvanklik die baas. Wie anders kan die leier wees? Binnekort begin hy om sy toegeëiende gesag te deel met die eerste alkoholiste wat hy gehelp het. Op hierdie stadium word die goedaardige diktator die voorsitter van ’n komitee wat uit sy vriende bestaan. Dit is die rangorde van diens in die groeiende groep – selfaangesteld natuurlik, want daar is geen ander manier nie. Binne ’n kwessie van maande floreer AA in Middelburg.

Die stigter en sy vriende deel hul geestelikheid met nuwelinge, hulle huur sale, tref hospitaalreëlings en soebat hul vrouens om liters koffie te maak. Hulle verlustig hulle dalk so bietjie in hul roem; hulle is tog net mense. Hulle sê vir mekaar: “Miskien is dit ’n goeie idee om aan te hou om ’n streng hand oor AA in ons dorp te hou. Ons is tog ervare. Buitendien, kyk net hoe goed het ons hierdie dronklappe gedoen. Hulle behoort dankbaar te wees!” Ja, stigters en hul vriende is soms wyser en meer nederig as dit, maar meestal is hulle op hierdie stadium juis nie.

Die groep begin nou groeipyne ervaar. Bedelaars bedel. Eensame harte verlang. Probleme sak op die groep neer soos ’n digte mis. Maar die belangrikste verwikkeling is die gebrom wat onder die gewone groepslede ontstaan en wat tot ’n harde geroep groei: “Dink hierdie ouer lede hulle kan vir ewig die

groep beheer? Kom ons hou ’n verkiesing.” Die stigter en sy vriende voel seergemaak en terneergedruk. Hulle hardloop pleitend van krisis tot krisis en van lid tot lid, maar dit help niks nie; die revolusie het begin. Die groepsgewete staan oorgehaal om oor te neem.

Dan kom die verkiesing. As die stigter en sy vriende goeie werk gedoen het, word hulle miskien – tot hul verbasing – vir ’n tydperk herkies. Maar indien hulle teen die inkomende gety van demokrasie geveg het, word hulle dalk summier aan wal gelaat. Hoe dit ook al sy, die groep het nou ’n sogenaamde roterende komitee waarvan die mag streng beperk is. Op geen wyse kan hulle oor lede regeer of aan die groep voorskryf nie. Hulle is dienaars. Hulle het die soms ondankbare voorreg om al die klein takies van die groep uit te voer. Met die voorsitter aan die spits sien hulle om na openbare betrekkinge en reël hulle die vergaderings. Hul tesourier, wat streng aanspreeklik gehou word, gebruik die geld uit die kollektehoed om die huur en ander rekeninge te betaal, bank die balans en doen gereeld verslag by die groep se sakevergaderings. Die sekretaris sorg dat daar leesstof op die tafel is, dat die telefoon en pos beantwoord word, en dat kennisgewings van vergaderings uitgestuur word. Dit is die eenvoudige dienste wat die groep laat funksioneer. Die komitee gee geen geestelike raad nie, beoordeel niemand se gedrag nie en reik geen bevele uit nie. Enigeen van hulle kan dadelik by die volgende verkiesing uitgeskakel word, sou hy dit probeer. So ontdek ons lede oplaas dat hulle eintlik dienaars is en nie wetgewers nie. Hierdie ondervinding is universeel – die groepsgewete skryf altyd die voorwaardes voor waarvolgens sy leiers sal dien.

Dit bring ons reguit by die vraag: “Het AA dan werklike leierskap?” Die antwoord is nadruklik: “Ja, ten spyte van die skynbare gebrek daaraan.” Kom ons kyk weer na die onttroonde stigter en sy vriende. Wat word van hulle? Namate hul verdriet en angs verdwyn, vind daar ’n subtiele verandering in hulle plaas. Hulle val gewoonlik in een van twee groot klasse uit: “ouer staatsmanne” of “bloeiende diakens”. Die ouer staatsman is die lid wat die wysheid van die groepsbesluit insien, wat nie vyandiggesind is oor sy verlaagde status nie, wie se oordeel, wat deur aansienlike ervaring ondersteun word, gesond is, en wat gewillig is om stil langs die kantlyn te sit en geduldig ontwikkelinge af te wag. Die bloeiende diaken is die lid wat vas daarvan oortuig is dat die groep nie sonder hom kan klaarkom nie, wat voortdurend knoei om in sy pos herkies te word en wat aanhoudend deur selfbejammering verteer word. Soms is lede so swaar gewond dat hulle, leeg getap van alle AA-gees en -beginsel, dronk word. By tye wil dit voorkom asof die AA-landskap ’n slagveld is. Byna elke ouer lid in die vereniging gaan in ’n mate deur hierdie proses. Gelukkig oorleef die meeste van hulle dit en word hulle ouer staatsmanne. Hulle word die werklike en permanente leiers van AA. Dit is hul stille mening, gewisse kennis en nederige voorbeeld wat ’n krisis oplos. Wanneer die groep regtig nie weet wat om te doen nie, vra hulle hierdie lede onvermydelik vir raad. Hulle word die stem van die groepsgewete; om die waarheid te sê, hulle is die ware stem van Alkoholiste Anoniem. Hulle gee nie ’n enkele bevel nie; hulle lei deur hul voorbeeld. Dít is die ervaring wat ons tot die gevolgtrekking lat kom het dat ons groepsgewete, wat deur die goeie verstand van sy staatsmanne geadviseer word, op die lang duur wyser sal wees as enige enkele leier.

Tydens die derde bestaansjaar van die AA het daar ’n voorval plaasgevind wat hierdie beginsel baie goed geïllustreer het. Een van die eerste lede van AA was totaal teen sy eie sin verplig om hom na die groepsmening te skik. Hier is die verhaal in sy eie woorde.

“Eendag het ek twaalfdestapwerk by ’n hospitaal in New York gedoen. Die eienaar, Charlie, het my na sy kantoor toe laat roep. ‘Bill,’ het hy gesê, ‘ek dink dis ’n skande dat jy finansieel so swaarkry. Oral om jou word hierdie dronklappe nugter en maak hulle geld. Maar jy gee al jou tyd aan die werk en jy is platsak. Dis nie regverdig nie.’ Charlie het in sy lessenaarlaai rondgekrap en ’n ou bankstaat uitgehaal. Hy het dit vir my gegee en gesê: ‘Dit wys die soort geld wat die hospitaal terug in die twintiger jare gemaak het. Duisende dollar per maand. Dit behoort nou net so goed te gaan en dit sal ook – as jy my sal help. Waarom begin jy nie hier werk nie? Ek sal vir jou ’n kantoor, ’n behoorlike

uitgawerekening en ’n gesonde deel van die wins gee. Drie jaar gelede toe my hoofdokter, Silkworth, my vertel het van die idee om alkoholiste deur geestelikheid te help, het ek gedink dis malligheid, maar ek het van mening verander. Eendag gaan hierdie klomp ekssuiplappe van jou nog Madison Square Garden vul en ek sien geen rede waarom jy intussen moet honger ly nie. Wat ek voorstel, is heeltemal eties. Jy kan ’n leketerapeut word en meer suksesvol wees as enigiemand in die besigheid.

“Ek was sprakeloos. My gewete het so ’n paar keer gekrap totdat ek gesien het hoe eties Charlie se voorstel werklik was. Daar was hoegenaamd niks daarmee verkeerd om ’n leketerapeut te word nie. Ek het aan Lois gedink wat elke aand uitgeput tuiskom van die afdelingswinkel af en dan aandete moet maak vir ’n huis vol dronklappe wat nie losies betaal nie. Ek het aan die klomp geld gedink wat ek nog aan my Wall Street-krediteure verskuldig was. Ek het aan ’n paar van my alkoholisvriende gedink wat nou meer geld as ooit tevore verdien het. Waarom sou ek nie net so goed doen as hulle nie?

“Hoewel ek Charlie ’n bietjie tyd gevra het om daaroor te dink, het ek klaar besluit. Op die moltrein terug na Brooklyn het ek ’n goddelike ingewing gekry. Dit was nou wel net een sin, maar dit was hoogs oortuigend. Om die waarheid te sê, dit was direk uit die Bybel. ’n Stem het aangehou om vir my te sê: ‘Die arbeider is sy loon waardig.’ By die huis het ek Lois soos gewoonlik voor die stoof aangetref met drie dronklappe wat hongerig van die kombuisdeur af inloer. Ek het haar eenkant toe geneem en die wonderlike nuus vertel. Dit het gelyk of sy belangstel, maar sy was nie so opgewonde as wat ek gedink het sy behoort te wees nie.

“Dit was vergaderingaand. Hoewel geen van die alkoholiste wat ons gehuisves het, nugter geword het nie, het party ander tog. Saam met hul vrouens het hulle ons sitkamer gevul. Ek het sommer onmiddellik met die storie oor my groot geleentheid losgetrek. Hulle het egter net uitdrukkingsloos na my gestaar en toe het ek sommer my entoesiasme vir my storie verloor. Nadat ek klaar vertel het, was daar ’n lang stilte.

“Toe begin een van my vriende skamerig praat. ‘Ons weet hoe platsak jy is, Bill. Dit pla ons baie. Ons het al baie gewonder wat ons daaraan kan doen. Maar ek dink ek praat namens almal hier as ek sê dat wat jy nou hier voorstel, ons baie meer as dit pla.’ Sy stem het toe so bietjie meer selfvertroue gekry. ‘Besef jy nie dat jy dit wat jy hier doen, nooit professioneel kan doen nie? Hoe vrygewig Charlie ook al teenoor ons was, verstaan jy nie dat ons hierdie ding nie aan sy hospitaal of enige ander hospitaal kan koppel nie? Jy sê Charlie se voorstel is eties. Ja, dit is eties, maar wat ons besit, kan nie op etiek alleen hardloop nie; dit moet beter wees. Charlie se idee is ’n goeie een, maar dit is nie goed genoeg nie. Hierdie is ’n kwessie van lewe en dood, Bill, en niks behalwe die heel beste is goed genoeg nie!’ Op hierdie stadium sien ek dat my vriende uitdagend na my gekyk. ‘Bill, het jy nie dikwels self op hierdie vergaderings gesê die goeie is soms die vyand van die beste nie? Nou ja, hier het ons ’n duidelike geval daarvan. Jy kan dit nie aan ons doen nie!’

“So het die groepsgewete gepraat. Die groep was reg en ek was verkeerd; die stem op die moltrein was nie God se stem nie. Die ware stem was hier tussen my vriende. Ek het geluister, en – dankie Vader – ek het dit gehoorsaam.”

TRADISIE DRIE

"Die enigste vereiste vir AA-lidmaatskap is 'n begeerte om op te hou drink."

Hierdie tradisie is met betekenis gelaai, maar waarop dit neerkom, is: "Jy is 'n lid van AA as *jy* so sê. Jy verklaar jouself in; niemand kan jou uithou nie. Dit maak nie saak wie jy is nie; dit maak nie saak hoe laag jy gesink het nie; dit maak nie saak hoe ernstig jou emosionele probleme – selfs jou misdade – is nie, ons kan jou nie AA ontsê nie. Ons *wil* jou nie AA ontsê nie. Ons is hoegenaamd nie bang dat jy ons kwaad gaan doen nie, ongeag hoe verwronge of gewelddadig jy dalk is. Ons wil net seker maak dat jy dieselfde geleentheid tot nugterheid kry as wat ons gehad het. Jy is dus 'n AA-lid die oomblik dat jy jou as een verklaar."

Hierdie lidmaatskapbeginsel is deur jare van pynlike ondervinding gevestig. Toe AA net begin het, het niks so broos en breekbaar soos 'n AA-groep gelyk nie. Baie min van die alkoholiste wat ons genader het, het kennis van ons geneem. Die meeste van dié wat wel by ons aangesluit het, was soos die flikkerende vlam van 'n kers in 'n stormwind. Keer op keer is hul onsekere vlam geblus en kon dit nie weer aangesteek word nie. Niemand het dit ooit hardop gesê nie, maar almal het konstant gewonder: "Wie van ons is volgende?"

Een van ons lede gee ons 'n helder terugblik op daardie dae. "In 'n stadium," sê hy, "het elke AA-groep baie lidmaatskapreëls gehad. Almal was doodbang dat iets of iemand die boot sou kantel en ons almal weer in die see van drank sou terugval. Ons stigtingskantoor* het elke groep gevra om 'n lys van sy "beskermende" reëls in te stuur. Die finale lys was seker 'n kilometer lank. As almal oral al daardie reëls moes nakom, sou hoegenaamd niemand by AA kon aansluit nie. Dit is hoe bekommerd en bang ons was.

"Ons was vasbeslote om niemand tot AA toe te laat nie, behalwe daardie hipotetiese klas mense waarna ons as "suiwer alkoholiste" verwys het. Buiten hul dopstekery en die ongelukkige gevolge daarvan, mag hulle geen ander probleme gehad het nie. Dit het beteken dat bedelaars, boemelaars, mense in gestigte, gevangenes, gays, blote mal mense en gevalle vrouens definitief nie kon aansluit nie. Ja-nee, Meneer, ons wou *slegs* in die behoeftes van reine en ordentlike alkholiste voorsien! Enige ander soort sou ons beslis vernietig. Buitendien, wat sou beskaafde mense van ons sê as ons daardie vreemde soorte ingevat het? Ons het vir ons 'n muur reg rondom AA gebou.

"As jy nou daaraan dink, klink dit dalk snaaks. Miskien dink jy ons was taamlik onverdraagsaam, maar ek kan jou sê daar was destyds niks snaaks omtrent die situasie nie. Ons was grimmig, want ons het bedreig gevoel en dit was nie iets om oor te lag nie. Onverdraagsaam? Ek sou eerder sê ons was bang en uiteraard het ons soos bang mense begin optree. Dog, is vrees nie die werklike grondslag van onverdraagsaamheid nie? Ja, ons was onverdraagsaam."

Hoe sou ons destyds kon raai dat tyd al ons vrese verkeerd sou bewys? Hoe kon ons weet dat duisende van hierdie soms vreesaanjaende mense verbasend sou herstel, en ons hardste werkers en intieme vriende sou word? Wie sou kon glo dat AA 'n egskeidingsyfer sou hê wat ver onder die gemiddeld is? Kon ons toe verwag het dat dit juis die moeilike mense sou wees wat ons die meeste oor geduld en verdraagsaamheid sou leer? Kon enigiemand hom destyds 'n vereniging voorstel wat alle denkbare soorte karakters sou insluit, en wat alle grense van ras, geloof, politiek en taal met gemak sou oorsteek?

Waarom het AA op die ou end besluit om al die lidmaatskapreëls te laat vaar? Waarom het ons dit aan elke nuweling oorgelaat om self te besluit of hy 'n alkoholis is en of hy by ons behoort aan te sluit? Hoe kon ons, in teenstelling met die ondervinding van gemeenskappe en regerings oral heen, dit waag

om te sê dat ons geen AA-lid sou straf of hom sy lidmaatskap sou ontneem nie; dat ons nooit enigiemand sou verplig om enigiets te betaal nie, om enigiets te glo nie of hom na enigiets te skik nie?

Die antwoord, soos dit nou in Tradisie Drie vervat is, is eenvoudig. Ons het uiteindelik geleer dat ons nie enige deel van ’n alkoholis se kans op herstel kan wegvat nie, omdat dit soms dieselfde is as om sy doodvonnis uit te spreek en dit dikwels dieselfde is as om hom tot ’n ewige ellende te verdoem. Wie sou dit waag om die regter, jurie en laksman van sy eie siek broer te wees?

Namate die een groep na die ander hierdie moontlikhede besef het, het hulle eindelik alle lidmaatskapreëls afgeskaf. Die een dramatiese ervaring na die ander het net hierdie besluit versterk totdat dit ons universele tradisie geword het. Hier is twee voorbeelde:

Dit was Jaar Twee op die AA-almanak. Op daardie stadium was daar nog net twee sukkelende anonieme groepe alkoholiste wat probeer het om op die regte pad te bly.

’n Nuweling het by een van die groepe opgedaag, aangeklop en om toelating gevra. Hy het ’n openhartige gesprek met die oudste groepslid gehad en dit het vinnig duidelik geword dat sy geval desperaat is, maar dat hy bo alles gesond wou word. “Maar,” het hy gevra, “sal julle my toelaat om by die groep aan te sluit? Ek is ook die slagoffer van ’n ander verslawing. Die stigma rondom hierdie verslawing is erger as die stigma rondom alkoholisme. Julle wil dalk nie daarmee geassosieer word nie. Of gee julle nie om nie?”

Dit was die dilemma. Wat moes die groep doen? Die oudste groepslid het twee ander lede ingeroep en vertroulik die feite vir hulle uiteengesit. Hy vra toe: “Wat dink julle? As ons die man wegstuur, sal hy binnekort sterf. As ons hom toelaat, weet net God alleen hoeveel moles hy gaan maak. Wat sal ons antwoord wees – ja of nee?”

Eers kon hulle net die besware raaksien. “Ons werk net met alkoholiste,” het hulle gesê. “Moet ons nie hierdie een ter wille van die menigte opoffer nie?” So het die debat voortgeduur terwyl die nuweling se lot in die weegskaal gehang het. Uiteindelik het een van die drie ’n heeltemal ander stemtoon aangeslaan. “Eintlik is ons bang oor ons reputasie. Ons is meer bekommerd oor wat mense sal sê as wat ons is oor die moeilikheid wat hierdie vreemde alkoholis kan veroorsaak. Gedurende ons gesprek het daar herhaaldelik vyf kort woorde by my opgekom: ‘Wat sou ons Meester doen?’” Geen verdere woord is gerep nie. Ja, wat meer *kon* nog gesê word?

Die nuweling was ekstaties en het hom vinnig in twaalfdestapwerk begeef. Hy het die AA se boodskap onvermoeid aan talle, selfs duisende mense versprei. Hy het nooit enigiemand met sy ander probleem gepla nie. So het AA die eerste stap in die vorming van Tradisie Drie geneem.

Dit was nie lank na die man met die dubbele stigma om toelating aangeklop het dat die ander AA-groep ook ’n nuwe lid bygekry het nie. Kom ons noem hom Ed. Ed was ’n verkoopsman, en net so hardkoppig en parmantig as wat ’n mens van ’n verkoopsman kon verwag. Hy het minstens een idee per minuut gekry oor hoe om AA te verbeter en hy het hierdie idees aan die ander lede verkoop met dieselfde geesdrif waarmee hy motorpolitoer verkoop het. Hy het egter een idee gehad waarvan die ander lede nie so baie gehou het nie. Ed was ’n ateïs en die AA se “God-nonsens” was vir hom ’n doring in sy vlees waarvan hy ontslae probeer raak het. Hy het almal oordonder en almal het verwag dat hy binnekort weer dronk sou word. Jy sien, op daardie stadium was AA aan die vroom kant en mense het gevoel dat godslastering ’n swaar straf behoort te dra. Tot almal se ellende het Ed egter nugter gebly.

Een aand was dit Ed se beurt om op ’n vergadering te praat. Almal het gesidder, want hulle het geweet wat voorlê. Hy het pragtige hulde aan die broederskap gebring; hy het vertel hoe sy gesin versoen het;

hy het verduidelik hoe belangrik eerlikheid is; hy het vertel van die vreugde wat twaalfdestapwerk hom gebring het en toe laat val hy die bom: “Ek kan hierdie God-snert nie verdra nie! Dit is sommer ’n klomp nonsens vir swak mense! Hierdie groep het dit nie nodig nie. Na die duiwel daarmee!”

Dit was die laaste twak. Elke lid van die vergadering het hoogs verontwaardig besluit: “Uit met hom!”

Die ouer lede het Ed eenkant geneem en uitdruklik gesê: “Jy kan nie so hier rond praat nie. Jy moet daarmee ophou of padgee.” “Wat vertel julle my? Is dit so?” het Ed sarkasties geantwoord. Hy het toe na die boekrak oorgeleun en ’n pak papiere opgetel. Bo-op was die voorwoord van die boek *Alkoholiste Anoniem* wat destyds in voorbereiding was. “Die enigste vereiste vir AA-lidmaatskap is ’n begeerte om op te hou drink,” het hy hardop gelees. Daarby het hy kwaai gevoeg: “Toe julle hierdie sin geskryf het, het julle dit werklik bedoel of beteken dit niks nie?”

Die lede het verslae na mekaar gekyk, want hulle het geweet hy is reg. So het Ed aangebly.

Om die waarheid te sê, Ed het nie net aangebly nie; hy het ook nugter gebly – maand na maand. Hoe langer hy nugter gebly het, hoe harder het hy – teen God – begin praat. Die groep was so diep seergemaak dat hulle alle broederlike liefde vir hom verloor het. “Wanneer gaan hierdie man nou eendag dronk word?” het hulle onderling gebrom.

’n Hele ruk later het Ed verkoopwerk gekry waarvoor hy uit die stad moes reis. Na ’n paar dae het daar ’n telegram aangekom. Dit was Ed; hy wou geld hê en almal het geweet wat *dit* beteken! Daarna het hy gebel. In daardie dae sou ons enige plek gegaan het om twaalfdestapwerk te doen, ongeag hoe onbelowend dit dalk was, maar hierdie keer het niemand geroer nie. “Los hom! Laat hy dit bietjie een keer op sy eie probeer; miskien leer hy ’n les!”

Omtrent twee weke later het Ed een nag stilletjies by ’n AA-lid se huis ingesluip en gaan slaap sonder dat die gesin daarvan bewus was. Die volgende oggend het die huiseienaar en ’n een van sy vriende gesit en koffie drink toe hulle iets op die trappe hoor. Tot hul ontsteltenis het Ed te voorskyn gekom. Ed, met ’n glimlag en frons tegelyk, vra toe: “Het julle al jul oggendmeditasie gedoen?” Hulle het vinnig besef dat hy dit in alle erns bedoel het. Stukkie vir stukkie het hy sy storie vertel.

Ed het in ’n goedkoop hotelkamer vir die wêreld weggekruip. Nadat al sy smekinge om hulp op dowe ore geval het, het die volgende woorde deur sy koorsige gedagtes geskiet: “Hulle het my verlaat. My eie soort het my verlaat. Dit is die einde . . . daar is niks meer oor nie.” Terwyl hy op sy bed gelê en rondrol het, het sy hand aan ’n boek op die bedtafeltjie geraak. Hy het die boek oopgemaak en gelees. Dit was ’n Gideonsbybel. Meer as dit het Ed nooit gedeel oor wat hy in daardie hotelkamer gesien en gevoel het nie. Dit was 1938. Hy het sedertdien nog nooit weer alkohol gedrink nie.

Deesdae wonder die ouer lede wat Ed geken het wanneer hulle bymekaarkom verbaas: “Wat sou geword het van Ed en al die ander wat hy later gehelp het as ons dit reggekry het om hom vir godslastering uit te gooi?”

So het die Voorsienigheid reeds vroeg vir ons die teken gegee dat enige alkoholis ’n lid van ons vereniging is wanneer *hy* self so sê.

TRADISIE VIER

“Elke AA-groep behoort selfbesturend te wees, behalwe in sake waar dit ander groepe of AA in die geheel raak.”

OUTONOMIE is dalk ’n groot woord, maar in verband met ons beteken dit eenvoudig dat elke AA-groep sy sake op so ’n manier behartig as wat hy dit goeddink, behalwe wanneer AA in die geheel daardeur bedreig word. Dit bring egter weer dieselfde vraag na vore as wat in Tradisie Een gevra is: Is sulke vryheid nie ongelooflik gevaarlik nie?

Oor die jare heen het ons al elke denkbare afwyking van ons twaalf stappe en tradisies beproef. Dit was onvermydelik, want ons is grotendeels ’n klomp ego-aangedrewe individualiste. Ons het uiteraard met elke soort vuur gespeel wat daar was en ongedeerd, dog wyser, daarvan afgekom. Ons glo dit is juis die afdraaipaadjies wat ons geneem het – ’n omvattende proses van leer en probeer – wat ons deur God se genade gebring het tot waar ons vandag staan.

Toe AA se Tradisies vir die eerste keer in 1946 gepubliseer is, was ons reeds seker daarvan dat ’n AA-groep omtrent enige hoeveelheid mishandeling kon weerstaan. Ons het besef dat die groep, net soos die individu, hom uiteindelik by beproefde beginsels moes hou om sy oorlewing te waarborg. Ons het ontdek dat daar volkome veiligheid in die proses van probeer-en-tref is. Ons het soveel vertroue hierin gehad dat die oorspronklike verklaring van AA-tradisie hierdie betekenisvolle sin bevat het: “Enige twee of drie alkoholiste wat ter wille van nugterheid vergader, mag hulself ’n AA-groep noem, mits hulle, as groep, geen ander affiliasie het nie.”

Dit beteken natuurlik dat ons die moed gekry het om elke AA-groep tot ’n afsonderlike entiteit te verklaar waarvan enige optrede streng deur die groepsgewete gelei word. Ons het gevind dat hierdie vryheid slegs twee stormbakens nodig het: ’n Groep moenie iets doen wat AA as geheel ernstig kan skaad nie, en ’n groep behoort ook met niemand en niks anders geaffilieer te wees nie. Dit maak nie sin om party “droog” en ander “nat”, party “konserwatief” en ander “kommunisties”, party “Katoliek” en ander “Protestant” te noem nie. Die AA-groep moes op koers bly of hopeloos verdwaal. Nugterheid moes die enigste doelwit wees, en daar moes in alle ander opsigte volkome vryheid van wil en optrede wees. Elke groep het die reg gehad om verkeerd te wees.

In AA se aanvangsjare het daar talle ywerige groepe gevorm. In ’n dorpie, kom ons sê Middelburg, het daar ’n regte eersteklasgroep gevorm. Die dorpenaars was baie opgewonde hieroor. Die ouer lede het gedroom oor hoe hulle ’n groot alkoholsentrum vir die dorp sou bou, ’n soort bloudruk wat AA-groepe elders kon navolg. Op die grondvloer sou daar ’n klubhuis wees; op die eerste verdieping sou hulle dronklappe nugter maak en vir hulle geld gee om hul skuld te betaal; die tweede verdieping sou ’n opvoedkundige projek huisves – niks omstrede nie, natuurlik. In hul verbeelding sou hierdie stralende sentrum nog ’n hele paar verdiepings hoër gegaan het, maar vir ’n begin was drie genoeg. Dit sou baie geld – ander mense se geld – kos. Glo dit as jy wil, daar was ryk dorpenaars wat die idee onderskryf het, maar daar was ook ’n paar konserwatiewe andersdenkendes onder die alkoholiste wat aan die Stigting*, AA se hoofkantoor in New York, geskryf het om meer uit te vind oor hierdie soort vaartbelyning. Hulle het verneem dat die ouer lede, om die saak ’n bietjie meer konkreet te maak, van plan was om ’n aansoek om ’n handves by die Stigting in te dien. Die andersdenkendes was baie skepties oor en ontstel deur hierdie plan.

Daar was natuurlik ook ’n promotor in die mengsel – ’n superpromotor, om die waarheid te sê. Hy was baie welsprekend en het almal se vrese besweer ten spyte daarvan dat die Stigting laat weet het dat hulle nie ’n handves kon voorsien nie, en dat ander ondernemings wat ’n AA-groep met medikasie en opvoeding vermeng het tot ’n nare einde gekom het. Om aan die veilige kant te wees, het die promotor drie sakeondernemings gestig en president van al drie geword. Die sentrum was ’n beeld van glans met sy nuwe laag verf en die warmte daarvan het deur die hele dorp gestraal. Net om seker te maak dat alles by die sentrum altyd vlot sou verloop, is daar 61 reëls en regulasies aangeneem.

Helaas, dit het nie lank geneem vir dinge om te begin skeefloop nie en die kalmte is vinnig deur verwarring vervang. Daar is ontdek dat, hoewel party dronklappe wel opvoeding wou ontvang, hulle nie regtig geglo het dat hulle alkoholiste is nie. Die persoonlikheidsgebreke van ander kon miskien deur bloot ’n lening genees word. Party was klubgesind, maar dit was eintlik net ’n kwessie van ’n bietjie sorg vir die eensame hart. Soms het die stroom aansoekers sommer op al drie verdiepings beland. Party het bo begin en hul pad na onder gewerk waar hulle klublede geword het; ander het in die klub begin, hulle dan aan alkoholiese drank vergryp, in die hospitaal beland en na opvoeding op die derde verdieping opgeskuif.

Die sentrum was beslis ’n miernes van bedrywigheid, maar anders as ’n miernes was alles ’n deurmekaarspul. ’n AA-groep as sodanig kon eenvoudig net nie so ’n soort projek hanteer nie, maar hulle het dit te laat agtergekom. Daar was ’n soort onvermydelike ontploffing – iets soos daardie dag wat die dinamiettrein in Braamfontein laat ontspoor het. ’n Verstikkende rookwolk van vrees en frustrasie het oor die groep neergesak.

Nadat die rook verdwyn het, het daar iets wonderliks gebeur. Die hoofpromotor het aan die Stigtingskantoor geskryf om te sê hy wens hy het meer aandag aan AA-ondervinding geskenk. Toe het hy iets anders gedoen wat sedertdien ’n klassieke storie in AA geword het. Hy het ’n kaartjie omtrent so groot soos ’n gholftelkaart gevat, dit in die helfte gevou en daarop geskryf: “Middelburg Groep #1 Reël #62.” Wanneer ’n mens die kaartjie oopvou, het dit bytend gelees: “Moenie jouself te verdomp ernstig opneem nie.”

So het dit gebeur dat ’n AA-groep volgens Tradisie Vier hul reg uitgeoefen het om verkeerd te wees. Boonop het hulle Alkoholiste Anoniem ’n groot guns bewys, want hulle was nederig bereid om die lesse toe te pas wat hulle geleer het. Die groep het hulself met ’n glimlag van vooraf begin en voortgegaan om beter dinge te bereik. Selfs die hoofargitek, wat op die bouvalle van sy droom gestaan het, kon vir homself lag – en dit is die werklike toppunt van nederigheid.

TRADISIE VYF

“Elke groep het slegs een hoofdoel – om sy boodskap oor te dra aan die alkoholis wat nog ly.”

“SKOENMAKER, hou jou by jou lees”. Wees eerder baie goed in een ding as swak in ’n klomp ander. Dit is die sentrale tema van hierdie tradisie. Dit bring eenheid in ons vereniging. Om ons broederskap se oorlewing te verseker, moet ons hierdie beginsel beskerm.

Alkoholiste Anoniem kan met ’n groep dokters vergelyk word wat byvoorbeeld ’n kuur teen kanker ontdek. Vir mense wat aan hierdie siekte ly, hang die antwoord op hul probleem van die dokters se samewerking af. Elke dokter in so ’n groep het dalk sy eie spesialiteit. By tye wil hy hom dalk liewer op sy gekose veld toespits as om saam met die groep te werk, maar die oomblik dat hierdie dokters op ’n geneesmiddel afkom, die oomblik dat hulle besef dat hierdie geneesmiddel slegs ’n werklikheid sou word indien hulle saamwerk, op daardie oomblik voel hulle almal verplig om hulle slegs aan die uitwissing van kanker toe te wy. Enige dokter sou ongeag die persoonlike opoffering, sy ander ambisies opsyskuif vir die roem wat met so ’n wonderbaarlike ontdekking gepaardgaan.

Op dieselfde manier voel die lede van Alkoholiste Anoniem ’n verpligting teenoor ander alkoholiste en hulle het al bewys dat hulle probleemdrinkers kan help soos wat ander selde kan. Die unieke vermoë van elke AA-lid om met ’n nuwe lid te identifiseer en hom te help om te herstel, hang glad nie van sy geleerdheid, welsprekendheid of enige ander besondere persoonlike vaardigheid af nie. Al wat tel, is dat hy ’n alkoholis is wat die sleutel tot nugterheid gevind het. Dit is baie maklik vir die AA-lid om sy storie van lyding en genesing met ander alkoholiste te deel. Dit is die gawe wat God aan ons

gegee het en dit is die een doelwit wat AA-lede oor die wêreld heen aanspoor – om hierdie geskenk aan ander soos ons te gee.

Daar is nog ’n rede waarom ons slegs een doel het. Dit is die groot paradoks van AA dat ons weet dat ons selde die kosbare gawe van nugterheid kan behou, tensy ons dit weggee. Indien ’n groep dokters ’n kankergeneesmiddel sou ontdek, sou hul gewete hulle teister as hulle deur selfsug misluk om dit aan ander uit te deel. So ’n mislukking sou egter nie hul persoonlike oorlewing in gevaar stel nie. Maar ons sou diegene wat nog siek is, verwaarloos, en ons eie lewe en gesonde verstand is voortdurend daardeur in gevaar. Dit is glad nie vreemd dat ons vereniging, onder die dwang van selfbehoud, plig en liefde, tot die gevolgtrekking gekom het dat ons slegs een roeping het nie – om die AA-boodskap oor te dra aan diegene wat nie weet dat daar ’n uitweg is nie.

’n Lid vertel die volgende verhaal wat die wysheid van AA se enkele doel illustreer:

“My rusteloosheid het my op ’n dag na ’n geleentheid laat soek om twaalfdestapwerk te doen. Miskien het ek gevoel ek moet versekering teen ’n glips uitneem, maar ek moes eers ’n dronklap vind met wie ek kon werk.

“Ek het op ’n trein na Towns Hospitaal gespring waar ek dokter Silkworth gevra het of hy ’n moontlike kandidaat het. ‘Niks te belowend nie,’ het die klein doktertjie gesê. ‘Daar is wel ’n kêrel op die derde vloer met moontlikheid, maar wees gewaarsku, hy is ’n koppige Ier. Ek het nog nooit iemand so hardnekkig ontmoet nie. Hy gaan altyd tekere oor hoe hy gou-gou sy alkoholprobleem sou oplos as sy vennoot hom net beter wou behandel en sy vrou hom net met rus wou laat. Hy het ’n erge aanval van die DT’s gehad, hy was lekker beneweld en het niemand vertrou nie. Dit klink nie so goed nie, nè? Miskien kry jy iets uit die hele proses. Hoekom probeer jy dit nie maar nie?’

“Kort daarna het ek langs ’n baie groot man gesit. Hy was inderdaad onvriendelik. Sy gesig was rooi en opgeswel, en hy het net gesit en my met sy skrefiesoë aangegluur. Ek moes met die dokter saamstem – hy het definitief nie goed gelyk nie. Ek het in elk geval vir hom my storie vertel. Ek het verduidelik hoe wonderlik ons groep is en hoe goed ons mekaar verstaan. Ek het die hopeloosheid van sy dilemma benadruk. Ek het benadruk dat min alkoholiste ooit op hul eie stoom nugter word, maar dat ons dit in ’n groep kan vermag wat ons alleen nie kan doen nie. Hy het my spottend in die rede geval en gesê dat hy sy vrou, sy vennoot en sy alkoholisme self sou regsien. Toe vra hy my sarkasties: ‘Hoeveel kos jul skema?’

“‘Hoegenaamd niks nie,’ het ek dankbaar gesê.

“Toe vra hy my: ‘Wat kry *jy* hieruit?’

“Natuurlik het ek geantwoord: ‘My eie nugterheid en ’n baie gelukkige lewe.’

“Hy het steeds ’n bietjie onseker gelyk en vra toe: ‘Is die enigste rede waarom jy hier is regtig net om my te probeer help en om jouself te help?’

“‘Ja,’ het ek geantwoord. ‘Dis absoluut al. Daar steek niks daaragter nie.’

“Ek was huiwerig, maar waag dit toe om oor die geestelike kant van ons program te praat. Die woord ‘geestelik’ was nog skaars oor my lippe, toe kry ek ’n yskoue staar. ‘O! Nou verstaan ek,’ het hy gesê. ‘Jy werf bekeerlinge vir die een of ander verdomde godsdienstige sekte. Ek dog jy sê daar steek niks agter jou storie nie? Ek behoort aan ’n goeie kerk wat baie vir my beteken. Wie dink jy is jy om hier in te kom en oor godsdiens te praat?’

“Dankie tog dat ek die regte antwoord daarop gehad en dit het vierkantig op daardie enkele doel van AA berus. ‘Jy is gelowig,’ het ek gesê. ‘Miskien is jou geloof selfs sterker as myne. Ek is seker dat jy baie beter in godsdienstige sake as ek onderrig is. Ek kan jou niks van godsdiens vertel nie en ek wil nie eers probeer om dit te doen nie. Ek wed jou ook jy kan vir my ’n woordperfekte definisie van nederigheid gee. Maar uit wat jy my van jouself en jou probleme vertel het, en hoe jy van plan is om dit op te los, dink ek ek weet wat verkeerd is.’

“‘Goed,’ het hy gesê, ‘sê dit reguit in my gesig.’

“‘Wel,’ het ek geantwoord, ‘ek dink eenvoudig jy is ’n verwaande Ier wat dink dat hy alles kan beheer.’

“Dit het hom regtig ontstel. Namate hy gekalmeer het, het hy egter na my begin luister terwyl ek aan hom probeer verduidelik het dat nederigheid die hoofsleutel tot nugterheid is. Uiteindelik het hy begin begryp dat ek nie probeer om sy godsdienstige siening te verander nie, maar dat ek in werklikheid wou hê hy moes die genade in sy eie godsdiens vind wat hom sou help herstel. Van toe af het ons goed oor die weg gekom.

“Veronderstel nou ek was verplig om met hierdie man oor godsdiens te praat? Veronderstel ek moes hom vir baie geld gevra het. Dat ek aan hom moes verduidelik dat AA hom op opvoeding, hospitale en rehabilitasie toelê. Veronderstel ek het aangebied om hom met sy huislike en sake-aangeleenthede te help. Waar sou dit ons gebring het? Nêrens nie, natuurlik.”

Jare later het hierdie Ierse lid graag gesê: “My borg het een idee aan my verkoop – nugterheid. Op daardie stadium kon ek niks anders bekostig nie.”

TRADISIE SES

“’n AA-groep behoort nooit enige verwante fasiliteit of buite-onderneming te onderskryf, te finansier of die AA-naam daaraan te koppel nie, sodat probleme met geld, eiendom en invloed ons nie van ons hoofdoel weglei nie.”

Die oomblik toe ons besef dat ons ’n antwoord op alkoholisme het, het dit vir ons logies gevoel (op daardie stadium) om te dink dat ons ook die antwoorde op verskeie ander probleme het. Baie mense het geglo dat die AA-groepe tot die sakewêreld kon toetree en dat hulle enige onderneming wat iets met alkoholisme te doen het, kon finansier. Trouens, ons het verplig gevoel om die volle gewig van die AA-naam aan enige lofwaardige saak te koppel.

Ons het groot drome gedroom. Hospitale was byvoorbeeld nie baie mal oor alkoholiste nie en daarom wou ons ’n hospitaalgroep van ons eie stig. Mense moes meer oor alkoholisme leer; ons wou die publiek daaroor opvoed en selfs opvoedkundige en mediese handboeke herskryf. Ons wou die boemeldrinkers van die strate afhaal, diegene wat kon herstel, uitsoek en dit vir die res moontlik maak om ’n bestaan in ’n soort gekwarantynde afsondering te maak. Miskien sou sulke plekke baie geld maak om ons ander goeie werk te befonds. Ons het dit ernstig oorweeg om die landswette te herskryf; om alkoholiste as siek mense te laat verklaar. Dit sou hulle uit die tronke hou, want magistrate sou hulle op parool in ons sorg plaas. Ons wou ook AA oor die donkerte van dwelmverslawing en kriminaliteit uitstort. Ons wou groepe vorm vir mense wat aan depressie en paranoia ly; hoe dieper die neurose, hoe meer sou ons dit geniet. As alkoholisme oorwin kon word, dan was dit te verstane dat enige ander probleem ook oorwin kon word.

Ons het ook daaraan gedink om dit wat ons het na nywerhede te neem, en werkers en kapitaliste te leer om mekaar lief te hê. Ons het gevoel dat ons ontoegeeflike eerlikheid dalk die politiek kon regruk. Ons wou die geskil tussen die kerk en die mediese wetenskap oplos. Ons het die sleutel tot ’n gelukkige lewe ontdek en ons wou dit met almal deel. Ons het geglo dat Alkoholiste Anoniem aan die spits van ’n nuwe geestelike oplewing kon staan; dat ons die hele wêreld kon verander!

Dit was vir ons baie natuurlik om so te droom, want jy sien, die meeste alkoholiste is bankrot idealiste. Ons almal het gedroom van die talle goeie goed wat ons wou doen, van die groot ideale wat ons wou vergestalt. Ons is almal perfeksioniste wat by gebrek aan volmaaktheid besluit het om na die ander uiterste te spring en met die bottel tevrede te wees. Die Voorsienigheid het ons, deur AA, binne bereik van ons grootste verwagtinge gebring. Waarom moet ons nie dan ons lewenswyse met almal deel nie?

Hiermee in gedagte het ons toe AA-hospitale probeer, maar hulle het almal jammerlik misluk. Dit werk nie om ’n AA-groep in die sakewêreld in te stuur nie; wat mense sê, is waar: Te veel koks bederf die bry. Ons het gedink ons sou ons hand dan maar aan opvoeding waag, maar ons het mense net verwar deur die meriete van eers die een en dan die ander ding aan te prys. Dit het mense laat wonder oor presies wat AA is. Help ons alkoholiste of is ons ’n opvoedkundige projek? Is AA geestelik of is dit medies? Is dit ’n hervormingsbeweging? Tot ons ontsteltenis moes ons toekyk hoe ons aan allerlei soorte ondernemings gekoppel word – party goed en ander nie so goed nie. Toe ons sien hoe alkoholiste links en regs in die tronk gestop word, het ons uitgeroep: “Daar behoort ’n wet te wees!” AA-lede het toe op wetgewende tafels in komiteekamers begin slaan en in belang van wetlike hervorming geargumenteer. Dit het koerante verkoop,maar nie veel meer nie. Dit is toe dat ons besef het dat ons net in die politiek gaan vasval. Dinge het so erg geword dat dit selfs binne AA nodig was om die AA-naam van ons klubs en twaalfstaphuise te verwyder.

Hierdie avonture het ons oortuig dat ons hoegenaamd nie die AA-naam aan enige verwante onderneming kon koppel of dit onderskryf nie, ongeag ’n onderneming se meriete. Ons, as Alkoholiste Anoniem, kon nie alles vir almal wees nie; ons moes nie eers probeer om dit te wees nie.

Jare gelede het AA se beginsel van geen onderskrywing ’n deurslaggewende toets ondergaan. Van die groot distilleringsmaatskappye het voorgestel dat hulle die veld van alkoholopvoeding wou betree. Hulle het geglo dit sou goed wees vir die drankbedryf om ’n openbare verantwoordelikheidsin te toon. Hul boodskap sou wees: “Geniet jou drank, maar moet dit nie misbruik nie.” Met ander woorde, strawwe drinkers moet ’n bietjie minder drink en probleemdrinkers – alkoholiste – moet glad nie drink nie.

Een van die drankhandelverenigings het gevra hoe die veldtog benader behoort te word. Hulle sou natuurlik van die radio, drukpers en televisie gebruik maak om hul boodskap oor te dra, maar watter soort persoon behoort die projek te lei? Hulle het dadelik aan Alkoholiste Anoniem gedink. Sou dit nie ideaal wees as hulle ’n goeie skakelbeampte in AA-geledere kon vind nie? Hy sou sekerlik vertroud wees met die probleem. Sy assosiasie met AA sou ook van baie waarde wees, want die groep het ’n baie goeie beeld onder die publiek en geen vyande gehad nie.

Dit het hulle nie lank geneem om ’n AA-lid met die nodige ervaring te identifiseer nie. Hy het sommer dadelik by AA se hoofkantoor in New York aangemeld en gevra: “Is daar enigiets in ons tradisie wat sê dat ek nie ’n pos soos hierdie een moet aanvaar nie? Dit lyk vir my na ’n goeie geleentheid om mense op te voed en dit is nie te kontroversieel nie. Sien julle enige slaggate daarin?”

Aan die begin het dit soos ’n goeie idee gelyk, maar toe begin hulle twyfel. Die handelsvereniging wou die AA-lid se volle naam in al hul reklame gebruik; hulle sou hom as hul publisiteitsdirekteur en lid van Alkoholiste Anoniem beskryf. Daar sou natuurlik nie die minste beswaar wees as so ’n vakvereniging

’n AA-lid bloot op grond van sy skakelvermoë en sy kennis van alkoholisme in diens geneem het nie. Dit was nie die volle verhaal nie. In hierdie geval moes ’n AA-lid nie net sy anonimiteit op openbare vlak verbreek nie; hy moes ook die naam “Alkoholiste Anoniem” aan hierdie spesifieke opvoedkundige projek koppel. Dit sou beslis lyk asof AA nou besluit het om opvoeding te ondersteun – drankhandelsverenigingstyl.

Die oomblik toe ons hierdie feit ingesien het vir wat dit werklik was, het ons die voornemende publisiteitsdirekteur gevra hoe hy daaroor voel. “Goeie genugtig!” het hy gesê. “Natuurlik kan ek nie die pos aanvaar nie. Nog voor die ink op die eerste advertensie droog is, sal die “droog”-voorstaanders hul stemme laat dikmaak. Hulle sal hoog en laag na ’n eerlike AA soek om *hulle* soort opvoeding te onderskryf. AA sal reg in die middel van die hele nat-droog-kontroversie beland. Die helfte van die land sal dink ons kies die droë kant, en die ander helfte sal dink ons kies die nat kant. Wat ’n gemors!”

“Nogtans”, het ons uitgewys, “jy het wetlik die reg om die pos te aanvaar.”

“Ek weet,” het hy gesê, “maar nou is nie die tyd vir regte nie. Alkoholiste Anoniem het my lewe gered en dit kom eerste. Ek wil beslis nie die een wees wat AA in groot moeilikheid laat beland nie en dit is presies wat hierdie ding sal doen!”

Met dié het ons vriend alles oor onderskrywing gesê. Ons het duideliker as ooit tevore besef dat ons nie die AA-naam aan enige ander saak behalwe ons eie kon koppel nie.

TRADISIE SEWE

“Elke AA-groep behoort ten volle selfonderhoudend te wees en bydraes van buite te weier.”

SELFONDERHOUDENDE alkoholiste? Wie het al ooit van so iets gehoor? Tog het ons agtergekom dat dit presies is wat ons moet wees. Hierdie beginsel is ’n duidelike bewys van die diepgaande verandering wat AA in ons almal teweeggebring het. Almal weet dat aktiewe alkoholiste altyd sweer dat hulle geen probleem het wat geld nie kan oplos nie. Ons staan altyd met ons bedelhand uitgesteek. So ver terug as wat ons kan onthou, was ons nog altyd – gewoonlik finansieel – afhanklik van iemand anders. Dit is dus nogal iets besonders wanneer ’n gemeenskap, wat geheel en al uit alkoholiste bestaan, sê hulle gaan hul eie rekeninge betaal.

Daar is waarskynlik geen ander AA-tradisie wat sulke erge geboortepyne soos hierdie een gehad nie. In die vroeë jare van AA se bestaan was ons almal platsak. Gekoppel aan die feit dat ons daarvan gehou het om te dink dat mense veronderstel is om geld vir alkoholiste te gee wat nugter probeer bly, kan ’n mens verstaan waarom ons gedink het dat ons ’n hoop geld verdien het. Watter wonderlike dinge sou AA nie daarmee kon doen nie! Maar snaaks genoeg, mense met geld het anders gedink. Hulle het gereken dat dit hoogtyd is dat ons nou – nugter – ons eie rekeninge betaal. AA het arm gebly, omdat hy moes.

Daar was nog ’n rede waarom AA so platsak was. Dit het gou duidelik geword dat, hoewel alkoholiste glad nie omgee om hul geld aan twaalfdestap-gevalle te bestee nie, hulle hoogs teensinnig was om tydens ’n vergadering ’n klein finansiële bydrae tot groepsdoeleindes te maak. Ons was verbaas toe ons agterkom hoe suinig ons met ons geld was. Alkoholiste Anoniem, die beweging, het dus platsak begin en platsak gebly terwyl dit heel voorspoedig met van ons individuele lede gegaan het.

Alkoholiste is beslis alles-of-niks-mense. Ons reaksie op geld bewys dit. Soos wat AA sy kinderskoene uitgetrek het, het ons tussen die idee dat ons hope geld nodig het en die idee dat ons dalk niks behoort te hê nie, begin beweeg. Almal het dieselfde gesê: “’n Mens kan nie AA en geld meng nie. Ons moet

die geestelike en die materiële van mekaar skei." Ons het hierdie wilde nuwe rigting ingeslaan, omdat dat daar af en toe AA-lede was wat probeer het om geld uit hul AA-konneksies te maak, en ons was bang dat ons uitgebuit sou word. Van tyd tot tyd het dankbare weldoeners vir ons klubhuise geskenk; gevolglik het buite-invloede soms hul neus in ons sake kom druk. Iemand het byvoorbeeld vir ons 'n hospitaal geskenk, en byna onmiddellik daarna was die skenker se seun die hospitaal se hoofpasiënt en aspirantbestuurder. 'n Ander AA-groep het vyfduisend dollar ontvang om mee te maak soos hulle wou. Die gestryery oor daardie klomp geld het jare lank 'n verwoestende invloed gehad. Uit vrees vir sulke komplikasies het party groepe geweier om 'n sent in hul koffers te hou.

Ten spyte van hierdie bedenkinge moes ons die feit erken dat AA tog moet funksioneer. Ons het geld nodig gehad om vergaderplekke te huur. Om hulp aan alkoholiste in groter gebiede te verleen, sou ons klein kantore moes oprig, telefoonlyne laat installeer en 'n paar voltydse sekretariële personeellede in diens neem. Na baie teenkanting het ons dit reggekry om hierdie dinge te doen. Ons het besef dat as ons dit nie doen nie, niemand wat deur ons deure stap 'n billike kans sou hê nie. Hierdie eenvoudige dienste sou ons net 'n klein bietjie geld kos wat ons self kon en sou betaal. Dit is op hierdie stadium dat die pendulum ophou swaai het en by Tradisie Sewe, soos dit vandag geskryf staan, tot stilstand gekom het.

In hierdie verband hou Bill daarvan om die volgende storie te vertel: Nadat Jack Alexander se artikel in 1941 in die *Saturday Evening Post* verskyn het, het daar duisende moedelose briewe van alkoholiste en hul families by die Stigting* in New York se posbus ingestroom. "Ons kantoorpersoneel het op daardie stadium uit twee mense bestaan: 'n toegewyde sekretaresse en ek," vertel hy. "Hoe moes ons hierdie skeepsvrag vol briewe van mense wat om hulp vra op ons eie hanteer? Ons sou beslis meer voltydse hulp moes inkry. Ons besluit toe om die AA-groepe vir enige vrywillige finansiële bydraes te vra. Sou hulle bereid wees om 'n dollar per lid per jaar te betaal? Indien nie, sou hierdie hartverskeurende briewe onbeantwoord moes bly.

"Tot my verbasing was die groepe baie traag om te reageer. Ek het my vreeslik daaroor vererg. Een oggend, terwyl ek na die berg briewe in die kantoor staan en staar, het ek begin te kere gaan oor hoe onverantwoordelik en suinig my medelede is. Net toe steek 'n ou bekende sy deurmekaar en seer kop by die deur in. Hy was ons nommer een terugvaller. Ek kon sien dat hy 'n vreeslike babelas het. Ek het hom jammer gekry, want ek onthou hoe ek destyds gevoel het. Ek nooi hom toe binne en haal 'n vyfdollarnoot uit. Dit was 'n taamlike groot donasie as jy weet dat my weeklikse salaris op daardie stadium slegs dertig dollar was. Lois het eintlik die geld vir kruideniersware nodig gehad, maar dit het my nie gekeer nie. Die geweldige verligting op my vriend se gesig het my 'n warm gevoel gegee. Ek het veral goed gevoel toe ek aan al die ekssuiplappe dink wat nie eers bereid is om 'n dollar elk aan die Stigting te stuur nie, en hier skenk ek maklik vyf dollar om 'n babelas reg te maak.

"Daardie aand het ons by New York se ou 24ste Straat-klubhuis vergader. Tydens die onderbreking het die tesourier skamerig gepraat oor hoe bankrot die klub is (dit was in die tyd toe 'n mens nie AA en geld kon meng nie). Uiteindelik het hy dit reggekry om te sê wat hy eintlik wou sê: As ons nie daardie maand ons huur betaal nie, sou die verhuurder ons uitgooi. Hy vra ons toe mooi om daardie aand ons hand 'n bietjie dieper in ons sak te steek.

"Ek het baie duidelik gehoor wat die tesourier gesê het, want ek het probeer om 'n nuweling wat langs my sit, te bekeer. Toe ek sien dat die kollektehoed in my rigting kom, steek ek my hand in my sak en haal 'n vyftigsentstuk uit. Ek wou graag die nuweling beïndruk, maar dit het tog na 'n baie groot muntstuk gelyk. Ek het dit baie vinnig weer in my sak gedruk en toe 'n tiensentstuk uitgehaal. Dit het maar yl weerklink toe ek dit in die hoed laat val. In daardie dae het niemand ooit note in die hoed gegooi nie.

“Toe skrik ek wakker. Ek, wat daardie oggend nog so trots was op my vrygewigheid, was besig om my eie klub slegter te behandel as al daardie alkoholiste wat so ver bly en vergeet het om hul dollars vir die Stigting te stuur. Ek het besef dat ek bloot my ego met my vyfdollardonasie aan die terugvaller probeer streel het en dat dit nie een van ons twee goed gedoen het nie. Daar *was* ’n plek in Alkoholiste Anoniem waar geestelikheid en geld kon meng, en dit was in die kollektehoed!”

Dan kan ons nog ’n storie oor geld vertel. Een aand in 1948 het die trustees van die Stigting kwartaalvergadering gehou. Daar was ’n baie belangrike kwessie op die agenda. ’n Sekere vrou is onlangs oorlede en toe haar testament gelees is, is daar ontdek dat sy ’n bedrag van tien duisend dollar in trust by die Alkoholisstigting aan Alkoholiste Anoniem nagelaat het. Die vraag was dus: Moes AA die geskenk aanvaar?

Het dit nou vir jou ’n debat ontlok! Die Stigting was op daardie stadium juis finansieel regtig in die knyp; die groepe het nie genoeg geld ingestuur om die kantoor te onderhou nie; al die inkomste wat die boekverkope gegenereer het, was net nie genoeg nie. Die geldreserwe was besig om soos mis voor die son te verdwyn. AA het daardie tien duisend dollar nodig gehad. “Miskien,” het iemand gesê, “sal die groepe nooit die kantoor ten volle onderhou nie. Ons kan nie die kantoor toemaak nie; dis veels te belangrik. Ja, kom ons aanvaar die geld. Kom ons aanvaar in die toekoms alle sulke skenkings. Ons gaan dit nodig hê.”

Toe kom die opposisie se stemme. Hulle het daarop gewys dat die Stigtingsraad reeds van ’n totaal van ’n halfmiljoen dollar weet wat aan AA nagelaat word in die testamente van mense wat nog lewe. Wie weet hoeveel meer daar was waarvan ons nog nie gehoor het nie? Indien AA nie skenkings van buite geweier het nie, dit absoluut afgesny het nie, sou die Stigting eendag ryk word. Buitendien, as ons trustees die geringste woord teenoor die publiek sou laat val dat ons geld nodig gehad het, sou ons skatryk word. In vergelyking hiermee klink tien duisend dollar nie na veel nie, maar indien dit aanvaar sou word, sou dit, soos die alkoholis se eerste drankie, onvermydelik tot ’n rampspoedige kettingreaksie lei. Waar sou dit ons laat? Soos hulle sê: “Wie betaal, kan bepaal”. As die Stigting geld van buite sou aanvaar, sou dit die trustees in die versoeking bring om AA te bestuur sonder om die organisasie as geheel se belange in ag te neem. Daarby sou alkoholiste, nou van hul verantwoordelikheid bevry, bloot hul skouers optrek en sê: “Die Stigting is ryk; hoekom moet ek omgee?” So ’n vet koffer sou die raad beslis in die versoeking lei om allerlei skemas uit te dink waarop die geld bestee kon word en AA sodoende van sy hoofdoel af weglei. Die oomblik dat dit sou gebeur, sou dit die broederskap se vertroue in AA skok. Die raad sou geïsoleer word en hewige kritiek van AA en die publiek uitlok. Dit was die moontlikhede; die voordele en die nadele.

Dit is op hierdie stadium dat ons trustees ’n skitterende stuk AA-geskiedenis geskryf het. Hulle het hulle ten gunste van die beginsel uitgespreek dat AA altyd arm moet bly. Die Stigting se finansiële beleid sou voorts wees om net genoeg geld vir lopende uitgawes plus ’n verstandige reserwe aan te hou. Die Stigting het, so moeilik soos dit was, die tien duisend dollar amptelik van die hand gewys en ’n formele, waterdigte besluit aanvaar dat alle sodanige toekomstige geskenke ook van die hand gewys sou word. Die beginsel van korporatiewe armoede het op daardie oomblik deel van AA se tradisie geword.

Toe hierdie feite die eerste keer in druk verskyn het, het dit diepgaande reaksie ontlok. Vir mense wat gewoond was aan die eindelose veldtogte vir liefdadigheidsfondse, was AA ’n vreemde, dog verfrissende onderneming. Positiewe artikels, plaaslik en uit die buiteland, het ’n golf van vertroue in die integriteit van Alkoholiste Anoniem geskep. Hierdie artikels het daarop gewys dat die onverantwoordelike in die verantwoordelike verander het en dat Alkoholiste Anoniem, deur finansiële onafhanklikheid deel van die organisasie se tradisie te maak, ’n ideaal laat herleef het wat in daardie era byna heeltemal in die vergetelheid verdwyn het.

TRADISIE AGT

"Alkoholiste Anoniem behoort altyd nieprofessioneel te bly, maar ons dienssentrums mag spesiale werkers in diens neem."

ALKOHOLISTE ANONIEM sal nooit 'n professioneelgedrewe bedryf word nie. Ons verstaan nou wat bedoel word met die ou gesegde: "Vrylik het julle ontvang, vrylik moet julle gee." Ons het ontdek dat geld en geestelikheid nie op die gebied van professionaliteit meng nie. So te sê geen alkoholis se herstel is al ooit deur die wêreld se beste professionele mense – medies of godsdienstig – bewerkstellig nie. Ons het niks teen professionaliteit op ander gebiede nie, maar ons aanvaar die nugter feit dat dit nie vir ons werk nie. Elke keer as ons probeer om ons twaalfde stap te professionaliseer, was die resultaat presies dieselfde: Ons kon nie ons doelwit bereik nie.

Alkoholiste wil doodeenvoudig nie na 'n betaalde twaalfdestapper luister nie. Byna van die begin af was ons daarvan oortuig dat een-tot-een-werk met mense wat aan alkoholisme ly slegs suksesvol kon wees as dit op die begeerte berus om te help en om gehelp te word. Wanneer 'n AA-lid betaal word om met mense te praat, of dit nou op 'n vergadering of met 'n nuweling is, kan dit ook 'n baie slegte uitwerking op die lid hê. Die geldmotief plaas hom en wat hy vir sy kandidaat sê of doen onder verdenking. Dit was nog altyd baie duidelik dat net enkele AA-lede al ooit twaalfdestapwerk teen betaling gedoen het.

Ten spyte van hierdie sekerheid is dit nogtans so dat min onderwerpe soveel verdeeldheid in AA-geledere veroorsaak as juis die kwessie van professionaliteit. Opsigters wat vloere gevee het, kokke wat kos voorberei het, sekretaresses in kantore, skrywers – hulle is almal vurig aangeval omdat hulle, volgens hul kritici, "geld uit AA gemaak het". Die kritici het natuurlik die feit geïgnoreer dat hierdie werk glad nie twaalfdestapwerk was nie. Hulle het hierdie werkers as professionele persone aangeval, alhoewel die werk wat hulle gedoen het, dikwels ondankbare take was wat niemand anders wou of kon doen nie. Dit het selfs nog meer oproer veroorsaak toe AA-lede begin het om hersteloorde en -plase vir alkoholiste te stig; toe hulle vir groot maatskappye as personeelbeamptes in beheer van die maatskappy se alkoholprogram begin werk het; toe hulle verpleërs in alkoholsale geword het en toe hulle die terrein van alkoholopvoeding betree het. In elk van hierdie gevalle en in nog ander is daar beweer dat AA-kennis en -ervaring vir geld verkoop is, en dat die betrokke mense dus as professionele persone beskou kon word.

Op die ou end kon daar egter 'n duidelike skeidslyn tussen professionaliteit en nieprofessionaliteit gesien word. Ons was wys toe ons oorspronklik saamgestem het dat die twaalfde stap nie vir geld verkoop kon word nie. Dit was dalk nie so slim om te verklaar dat AA nie werkers in diens kon neem nie, en dat geen AA-lid ons kennis na ander instansies en diensvelde toe kon uitdra nie. Ons het toegelaat dat vrees ons beïnvloed, 'n vrees wat vandag in die lig van ons ondervinding grotendeels verdwyn het.

Kyk maar net na die geval van die klubskoonmaker en -kok. As 'n mens wil hê dat 'n klub moet funksioneer, moet dit leefbaar en verwelkomend wees. Aan die begin het ons van vrywilligers gebruik gemaak, maar hulle het gou moeg geraak om sewe dae per week vloere te vee en koffie te maak. Hulle het eenvoudig opgehou om op te daag. Die belangriker punt is dat 'n leë klub nie sy telefoon kon beantwoord nie, maar wel 'n ope uitnodiging aan 'n alkoholis op 'n suipsessie met 'n spaarsleutel was. Iemand moes dus voltyds na die plek omsien. As ons 'n alkoholis hiervoor aangestel het, sou ons hom slegs betaal wat ons 'n nie-alkoholis vir dieselfde werk sou betaal. Die taak was nie om twaalfdestapwerk te doen nie; dit was om twaalfdestapwerk moontlik te maak. Dit was niks anders as 'n dienskwessie nie.

Alkoholiste Anoniem self kon ook nie sonder voltydse personeel funksioneer nie. Ons kon nie nie-alkoholiste by die Stigting* en intergroepe se kantore as sekretaresses aanstel nie; ons moes iemand aanstel wat die AA-benadering geken het. Maar die oomblik dat ons sulke mense in diens geneem het, het die ultrakonserwatiewes "Professionaliteit!" gegil. Op 'n stadium was hierdie getroue werkers se status byna ondraaglik. Hulle is nie gevra om by AA-vergaderings te praat nie, want hulle "het geld uit AA gemaak". By tye het ander lede hulle sowaar geïgnoreer. Selfs die lede met die grootste harte het hulle as 'n "noodsaaklike kwaad" beskryf. Komitees het hierdie houding as geleentheid gebruik om seker te maak dat hulle nie 'n groot salaris verdien nie. Hulle het geglo hulle kon hul eer herwin as hulle vir baie min geld vir AA gewerk het. Hierdie opvatting het jare lank bly voortbestaan.

Toe besef ons dat 'n hardwerkende sekretaresse nie 'n professionele AA-lid genoem kan word nie. Sy beantwoord dalk die telefoon dosyne kere per dag, luister dalk na twintig huilende eggenotes, tref dalk reëlings vir hospitalisasie en borge vir tien nuwelinge, en praat dalk sag en diplomaties met die omgekrapte dronklap wat kla oor die werk wat sy doen en hoe sy te veel geld daarvoor kry, maar sy is nie besig om die twaalfde stap te professionaliseer nie. Sy is slegs besig om dit moontlik te maak. Sy help net om die man wat by die deur instap die kans te bied wat hom toekom. Vrywillige komiteelede en assistente kon baie help, maar daar kon nie van hulle verwag word om hierdie las dag in en dag uit te dra nie.

Die storie is presies dieselfde by die Stigtingskantoor. Om agt ton boeke en ander leesstof te verpak en oor die wêreld heen te versend, gebeur nie elke maand vanself nie. Die sakke vol briewe oor elke denkbare AA-probleem, vanaf die eensame Eskimo tot die groeipyne wat duisende AA-groepe ervaar, moet deur iemand beantwoord word wat *weet*. Die regte kontakte moet met mense in die wêreld daarbuite behou word. Iemand moet die AA-noodlyne beman. Om hierdie rede neem ons AA-personeel in diens. Ons betaal hulle goed en hulle verdien wat hulle kry. Hulle is wel professionele sekretaresses*, maar hulle is beslis nie professionele AA-lede nie.

Miskien sal ons altyd bang wees dat iemand ons naam eendag vir geld gaan uitbuit. Selfs die blote noem van so iets is altyd genoeg om gemoedere tot 'n stormwind op te sweep. Ons het al uit ervaring geleer dat stormwinde geneig is om die regverdige en die onregverdige ewe erg te tref. Die stormwinde is so onredelik.

Geen individu ervaar egter hierdie emosionele stormwinde so erg as daardie AA-lid wat dapper genoeg is om vir buite-ondernemings te gaan werk wat ook die alkoholprobleem aanpak nie. 'n Universiteit soek byvoorbeeld na 'n AA-lid om die publiek oor alkoholisme op te voed. 'n Maatskappy wil 'n personeelbeampte aanstel wat met die onderwerp vertroud is. 'n Staatsfasiliteit vir die rehabilitasie van alkoholiste is op soek na 'n bestuurder wat werklik weet hoe om dronk mense te hanteer. 'n Munisipaliteit wil 'n ervare maatskaplike werker hê wat verstaan wat alkoholisme aan 'n gesin kan doen. 'n Staatskommissie vir die voorkoming van alkoholisme soek 'n betaalde navorser. Dit is slegs enkele van die soorte werksgeleenthede wat vir AA-lede aangebied is. Dan het AA-lede ook af en toe plase of rusoorde gekoop waar erg afgetakelde alkoholiste die nodige versorging kon kry. Die vraag was – en is nog soms – of sulke aktiwiteite volgens die AA-tradisie as professionaliteit beskou kan word.

Volgens ons is die antwoord: "Nee. Lede wat op sulke voltydse beroepe besluit, professionaliseer nie AA se twaalfde stap nie." Die pad wat ons tot hierdie gevolgtrekking gelei het, was lank en vol dorings. Aan die begin kon ons nie die kern van die saak raaksien nie. In vroeër dae was 'n AA-lid wat buite-werk aanvaar het gewoonlik dadelik in die versoeking om die naam 'Alkoholiste Anoniem' vir publisiteit of fondsinsamelingsdoeleindes te gebruik. Uitdroogplase, opvoedkundige ondernemings, staatswetgewers en kommissies het die feit geadverteer dat AA-lede vir hulle werk. AA-lede wat

hierdie soort werk gedoen het, het sonder om daaraan te dink, hul anonimiteit verbreek om hierdie ondernemings te bevorder. Om dié rede is baie goeie sake, en alles en almal wat aan hulle verbind was, onregverdig deur AA-groepe gekritiseer. Hulle is gewoonlik beskuldig van professionaliteit, dat hulle "geld uit AA maak" en tog is nie een van die betrokke lede in diens geneem om AA se twaalfdestapwerk te doen nie. Die oortreding in hierdie gevalle was nie professionaliteit nie; dit was die verbreking van anonimiteit. Dit het AA se enigste doel gekompromitteer en die AA-naam is misbruik.

Dit sê nogal baie dat byna al hierdie vrese verdwyn het noudat omtrent geen AA-lid anonimiteit op die openbare vlak verbreek nie. Ons besef dat ons geen reg of behoefte het om AA-lede te ontmoedig wat hierdie wyer velde as individue wil betree nie. Dit sou eintlik antisosiaal wees as ons hulle dit sou verbied. Ons kan nie AA tot so 'n beslote korporasie verklaar dat ons kennis en ervaring hoogs geheim gehou moet word nie. As 'n AA-lid wat as 'n individu optree 'n beter navorser, opvoeder of personeelbeampte kan word, waarom nie? Almal wen en ons verloor niks nie. Dit is waar dat party van die projekte waartoe AA-lede hulle verbind het, nie goed deurdink was nie, maar dit maak nie die geringste verskil aan die beginsel wat ter sake is nie.

Dit is die interessante mengsel van gebeure wat tot AA se tradisie van nieprofessionaliteit gelei het. Ons Stap Twaalf mag nooit verkoop word nie, maar die mense wat so hard vir ons werk, is hul loon waardig.

TRADISIE NEGE

"Alkoholiste Anoniem as sodanig behoort nooit formeel georganiseer te wees nie, maar ons mag diensrade of komitees stig wat direk aanspreeklik is teenoor diegene wat hulle dien."

Die eerste weergawe van Tradisie Nege het gelees: "Alkoholiste Anoniem moet so min as moontlik op 'n formele vlak georganiseer wees." In die jare sedertdien het ons ons mening hieroor verander. Vandag kan ons met sekerheid sê dat Alkoholiste Anoniem – AA as geheel – nooit enigsins formeel georganiseer behoort te wees nie. Maar in oënskynlike teenstrydigheid gaan ons voort om spesiale, formeel georganiseerde diensrade en komitees te skep. Wat bedoel ons dan met "geen formele organisasie nie"?

Het enigiemand al ooit van 'n nasie, 'n kerk, 'n politieke party, selfs 'n liefdadigheidsvereniging gehoor wat geen lidmaatskapreëls het nie? Het enigiemand al ooit van 'n vereniging gehoor wat nie sy lede kan dissiplineer of op die een of ander wyse gehoorsaamheid aan sekere reëls en regulasies kan afdwing nie? Gee nie omtrent elke gemeenskap ter wêreld gesag aan sekere lede om gehoorsaamheid op ander lede af te dwing en om oortreders te straf of uit te sit nie? Elke nasie, inderdaad elke vorm van gemeenskap, moet dus 'n regering wees wat deur mense bedryf word. Die mag om te bestuur of te regeer is die kern van organisasies oral.

Tog is Alkoholiste Anoniem 'n uitsondering. Ons volg nie die patroon nie. Nie die Algemene Dienskonferensie, die Stigtersraad* of die nederigste groepkomitee kan 'n enkele voorskrif aan enige AA-lid gee en gehoorsaamheid daaraan eis nie, wat nog te sê enige straf uitdeel. Ons het dit telkens probeer, maar dit was elke keer 'n totale mislukking. Groepe het al probeer om lede te skors, net om die lid weer agter in die vergadering te sien sit en sê: "Dis ons lewe; julle kan ons nie uit hou nie." Komitees het al etlike AA-lede opdrag gegee om op te hou om hul tyd op 'n kroniese terugvaller te mors, net om te hoor: "Hoe ek my twaalfdestapwerk doen, is my eie saak. Wie is julle om dit te oordeel?" Dit beteken nie dat 'n AA-lid meer ervare lede se raad of wenke sal ignoreer nie, maar hy sal beslis nie bevele volg nie. Niemand is so ongewild soos die ervare AA-lid wat verhuis en dan aan sy

nuwe groep probeer vertel hoe dinge veronderstel is om te gebeur nie. Hy en almal soos hy, wat eintlik maar net die beste vir AA wil hê, word met hardkoppige teenstand begroet of erger nog, uitgelag.

'n Mens sou dink die AA-hoofkantoor in New York is 'n uitsondering. Daar moet tog iemand met gesag wees, maar trustees en personeellede het lank gelede agtergekom dat hulle nie veel meer as 'n voorstel kan maak nie, en dan ook net 'n ligte voorstel. Hulle moes selfs 'n paar generiese sinne uitdink wat steeds in omtrent die helfte van die briewe wat hulle skryf, staan: "Jy het natuurlik volle vryheid om hierdie saak te hanteer soos dit jou pas, maar volgens meerderheid AA-ervaring…". Hierdie houding is ver van sentrale regering, of hoe? Ons verstaan dat daar nie aan alkoholiste voorgeskryf kan word nie; nie individueel of gesamentlik nie.

Op dié tydstip kan ons hoor hoe 'n kerkganger uitroep: "Hulle maak van ongehoorsaamheid 'n deug!" 'n Psigiater voeg dan by: "Bedorwe brokkies! Hulle wil nie grootword en aan die samelewing se norme voldoen nie!" Die gewone man laat ook sy stem hoor: "Ek verstaan dit nie. Hulle moet mal wees!" Al drie hierdie waarnemers het egter iets unieks in Alkoholiste Anoniem misgekyk. Tensy elke AA-lid ons voorgestelde twaalf stappe tot herstel na die beste van sy vermoë volg, grawe hy beslis sy eie graf. Sy dronkenskap en dood is nie 'n straf wat deur mense in magsposisies uitgedeel word nie; dit ontstaan uit sy persoonlike ongehoorsaamheid aan geestelike beginsels.

Dieselfde ernstige gevaar geld vir die groep self. Tensy daar min of meer by AA se twaalf tradisies gehou word, kan die groep verbrokkel en tot niet gaan. AA-lede is dus gehoorsaam aan geestelike beginsels, eerstens omdat ons moet wees en op die ou end omdat ons lief is vir die soort lewe wat sulke gehoorsaamheid meebring. Die enigste dissiplineerders in AA is lyding en liefde; ons het nie ander nodig nie.

Hieruit is dit duidelik waarom ons nooit rade behoort te verkies om oor ons te regeer nie, maar dit is ewe duidelik dat ons altyd mag nodig sal hê om werkers in diens van AA te neem. Dit is die verskil tussen die gees van besturende gesag en die gees van diens, twee begrippe wat dikwels soos dag en nag van mekaar verskil. Dit is in die gees van diens dat ons die AA-groepe se informele roterende komitees, die intergroepverenigings vir die areas en die Algemene Dienskonferensie van Alkoholiste Anoniem vir AA in die geheel verkies. Selfs ons Stigting, wat vantevore 'n onafhanklike raad was, is vandag direk aanspreeklik aan die broederskap. Die trustees van die Stigting is die opsigters en fasiliteerders van ons wêreldwye dienste.

Net soos die doelwit van alle AA-lede persoonlike nugterheid is, so is die doelwit van ons dienste om nugterheid binne die bereik van almal te plaas wat dit wil hê. Indien niemand die groep se klein take doen nie, indien niemand die area se telefoon beantwoord nie, indien ons nie op ons pos reageer nie, sal AA soos ons dit ken, eindig. Ons kommunikasielyne met diegene wat ons hulp nodig het, sal afgesny word.

AA moet funksioneer, maar terselfdertyd moet dit die gevare van groot rykdom, invloed en versteekte mag vermy wat ander verenigings onvermydelik in die versoeking bring. Hoewel Tradisie Nege op die oog af na 'n suiwer praktiese kwessie lyk, wys dit in sy eintlike werking AA as 'n vereniging sonder formele organisasie, aangedryf deur 'n gees van diens – 'n ware broederskap.

TRADISIE TIEN

"Alkoholiste Anoniem het geen opinie oor buite-kwessies nie; gevolglik behoort die AA-naam nooit by openbare meningsverskille ingesleep te word nie."

Sedert sy ontstaan is Alkoholiste Anoniem nog nooit deur ’n groot omstrede vraagstuk verdeel nie. Die groep het ook nog nooit openlik kant gekies oor enige vraagstuk in ons dikwels onenige wêreld nie. Ons het egter nie hard gewerk om hierdie deug te verdien nie. ’n Mens kan amper sê ons is daarmee gebore. Soos ’n ouer lid onlangs opgemerk het: “Ek het feitlik nog nooit ’n vurige argument oor godsdiens, politiek of hervorming tussen AA-lede gehoor nie. So lank as ons nie privaat oor sulke sake argumenteer nie, sal ons dit ook beslis nooit in die openbaar doen nie.”

Dit is asof ons van die begin af ’n sterk instink gehad het wat vir ons gesê het dat ons nooit in die openbaar kant in enige geveg moet kies nie, ongeag die aanleiding en ongeag hoe waardig die saak is. In die geskiedenis sien ons telkens hoe volke en groepe uitmekaargeskeur is omdat hulle van die begin af opgerig vir of verlei is tot kontroversie. Soms het hulle uitmekaargeskeur vanweë suiwer eiegeregtigheid omdat hulle probeer het om hul eie wil op mense af te dwing. Selfs in ons eie tyd het ons gesien hoe miljoene mense hul lewe verloor in politieke en ekonomiese oorloë, aangevuur deur godsdienstige en rasseverskille. Ons leef onder die moontlikheid dat daar enige oomblik ’n nuwe konflik kan uitbreek om te bepaal hoe natuurlike hulpbronne en die produk van ons arbeid verdeel sal word. Dit is die geestelike klimaat waarin AA gebore is, maar nietemin deur God se genade van krag tot krag gegroei het.

Ons wil graag beklemtoon dat ons nie ons onwilligheid om met mekaar of enigiemand anders rusie te maak as ’n spesiale deug beskou wat ons beter as ander maak nie. Dit beteken ook nie dat die lede van Alkoholiste Anoniem wat opnuut as wêreldburgers herstel is geen menings oor vraagstukke van ons tyd gaan hê nie. Dit is ’n ander storie wat AA in die geheel betref. In hierdie opsig raak ons nie by openbare meningsverskille betrokke nie, want ons weet dat dit die Vereniging se ondergang sal beteken. Alkoholiste Anoniem se oorlewing en die verspreiding van ons boodskap is vir ons baie belangriker as die betrokkenheid wat ons gesamentlik by enige ander saak sou kon hê. Ons moet dit ten alle koste bewaar, want dit is wat ons aan die lewe hou.

Dit klink miskien asof die alkoholiste in AA nou skielik vredeliewend geword het; asof hulle een groot gelukkige familie is. Dit is natuurlik nie die geval nie. Ons is ook maar net mens en soms sit ons vas. Voordat ons so bietjie bedaar het, het AA meer na ’n ontsaglike bakleiery as enigiets anders gelyk – op die oppervlak, ten minste. ’n Maatskappydirekteur wat pas ’n maatskappy-uitgawe van honderd duisend dollar goedgekeur het, sou by ’n AA-sakevergadering opdaag en sy humeur verloor oor vyf en twintig dollar se noodsaaklike posseëls. Met weersin vir die bestuurstyl in ’n bepaalde groep, kom die helfte van die lede uitgestorm om ’n ander groep te begin wat meer in hul smaak val. Ouer lede wat tydelik fariseërs geword het, het dikbek geraak. Bitter aanvalle is teen mense geloods wat van gemengde motiewe verdink is. Ten spyte van die lawaai wat dit gemaak het, het ons onbeduidende rusies AA nooit ’n kriesel skade berokken nie. Hulle was maar net ’n onafskeidbare deel daarvan om te leer om saam te werk en saam te leef. Laat dit ook duidelik wees dat hierdie rusies meestal gehandel het oor maniere om AA meer doeltreffend te maak, oor hoe om die beste vir die meeste alkoholiste te vermag.

Die Washingtonian Society, ’n beweging wat ’n eeu gelede in Baltimore onder alkoholiste ontstaan het, het amper die antwoord op alkoholisme ontdek. Aan die begin het die vereniging uit slegs alkoholiste bestaan wat mekaar probeer help het. Die vroeë lede was daarop bedag dat hulle hul aan hierdie een doel moes toewy. Die Washingtonians was in baie opsigte soortgelyk aan AA van vandag. Op ’n stadium het hul lidmaatskaptal die honderdduisendmerk verbygesteek. As ander nie met hulle sake ingemeng het nie en as hulle by hul een doel gebly het, het hulle miskien die res van die antwoord gevind. Dit het ongelukkig nie gebeur nie. In plaas daarvan het die Washingtonians toegelaat dat politici en hervormers, alkoholisties sowel as nie-alkoholisties, die vereniging vir hulle eie doeleindes gebruik. Die afskaffing van slawerny was byvoorbeeld destyds ’n onstuimige politieke aangeleentheid. Washingtonian-sprekers het vinnig begin om in die openbaar kant te kies oor hierdie saak. Miskien

kon die vereniging nog hierdie strydvraag oorleef het, maar dit het geen kans op oorlewing gehad die oomblik toe hulle besluit het om Amerika se drinkgewoontes te hervorm nie. Nadat die Washingtonians begin het om die afskaffing van drank te verdedig, het hulle binne enkele jare hul doeltreffendheid om alkoholiste te help heeltemal verloor.

Alkoholiste Anoniem het nie die lesse misgekyk wat by die Washingtonians geleer kon word nie. Ons het na die wrak van daardie beweging gekyk en ons voorgeneem om ons Vereniging uit openbare meningsverskille uit te hou. Só is die hoeksteen van Tradisie Tien gelê: "Alkoholiste Anoniem huldig geen mening oor buite-kwessies nie; gevolglik behoort die AA-naam nooit by openbare meningsverskille ingesleep te word nie."

TRADISIE ELF

"Ons beleid oor openbare betrekkinge berus daarop dat ons mense aantrek eerder as wat ons AA bemark; ons behoort altyd persoonlike anonimiteit in die pers, oor die radio en op film te behou."

AA kon nooit so groot gegroei het sonder sy legioene weldoeners nie. Die enorme gunstige publisiteit wat ons dwarsoor die wêreld ontvang het, het ongelooflik baie alkoholiste na die AA gebring. Die telefone in AA-kantore, -klubs en -huise lui voortdurend. Die een stem sê: "Ek het 'n berig in die koerant gelees. . ."; 'n ander sê: "Ek het 'n radioprogram gehoor. . ."; nog een sê: "Ek het 'n rolprent gesien. . .", of "Ek het iets oor AA op televisie gesien. . ." Ons oordryf nie wanneer ons sê dat die helfte van AA se lede deur hierdie kanale by ons beland het nie.

Diegene wat navraag doen, is nie almal alkoholiste of familielede van alkoholiste nie. Dokters lees mediese artikels oor Alkoholiste Anoniem en skakel om nog inligting te bekom. Predikante sien artikels in hul kerkblaaie en doen navraag. Ondernemings leer dat ander groot maatskappye hul goedkeuring aan ons heg en wil weet wat aan alkoholisme in hul eie firmas gedoen kan word.

Ons het dus 'n toenemende groot verantwoordelikheid begin ervaar om die beste moontlike openbare betrekkinge-beleid vir Alkoholiste Anoniem te ontwikkel. Ons glo dat ons na talle pynlike ervarings by so 'n beleid uitgekom het. Dit is in baie opsigte die teenoorgestelde van gewone praktyk. Ons het gevind dat ons eerder op die beginsel van aantrekking as op bemarking moet fokus.

Kom ons kyk hoe hierdie twee kontrasterende idees – aantrekking en bemarking – funksioneer. Wanneer 'n politieke party 'n verkiesing wil wen, adverteer die party die deugde van sy leierskap om stemme te werf. Wanneer 'n verdienstelike liefdadigheidsorganisasie fondse wil insamel, druk die organisasie dadelik die naam van elke noemenswaardige persoon wie se steun verkry kon word op sy briefhoof. 'n Groot deel van die politieke, ekonomiese en godsdienstige lewe is afhanklik van mediadekking van die betrokke leierskap. Mense wat sake en idees simboliseer, vervul 'n diepgaande menslike behoefte. AA bevraagteken dit nie, maar ons moet ernstige oorweging skenk aan die feit dat dit veral vir ons gevaarlik is om in die openbare oog te wees. So te sê ons elkeen het van nature 'n onweerstaanbare begeerte om AA te bevorder, en die vooruitsig van 'n vereniging wat geheel en al uit sulke voorstanders bestaan, is ietwat ontstellend. Met die feit in gedagte het ons geweet dat ons selfbeheersing sou moes toepas.

Hierdie selfbeheersing het verbasende dividende opgelewer. Ons het selfs nog meer gunstige publisiteit ontvang – meer as wat al die kennis en vaardighede van AA se beste reklameagente ooit kon voortbring. Dit is vanselfsprekend dat AA op die een of ander manier publisiteit moet kry; daarom het ons besluit om ons vriende dit vir ons te laat doen. En dit is presies wat hulle gedoen het. Ten spyte daarvan dat hulle opgelei is om te twyfel, het veteraanverslaggewers al hul kragte ingespan om

AA se boodskap uit te dra. Hulle het ons as meer as net ’n bron van goeie stories beskou. Op byna elke nuusfront het die pers ons as vriende aanvaar.

Aan die begin kon die pers nie verstaan waarom ons enige en alle persoonlike publisiteit geweier het nie. Hulle was werklik verstom deur ons aandrang op anonimiteit. Toe snap hulle dit. Hier was iets wat ’n mens nie dikwels in die wêreld sien nie – ’n vereniging wat aan sy beginsels en sy werk publisiteit wil gee, maar nie aan sy individuele lede nie. Die pers was baie ingenome met hierdie houding. Sedertdien lewer hulle verslag oor AA met ’n entoesiasme wat die ywerigste lede kwalik kan ewenaar.

Daar was werklik ’n tyd dat die Amerikaanse pers meer in die anonimiteit van AA geglo het as wat party van ons eie lede daarin geglo het. Op een tydstip was ongeveer ’n honderd van ons lede besig om anonimiteit op die openbare vlak te verbreek. Hulle het met die beste bedoeling verklaar dat die anonimiteitsbeginsel ouderwets is en meer by AA se aanvangsdae behoort. Hulle was oortuig daarvan dat AA vinniger en verder sou vorder as dit moderne publisiteitsmetodes begin benut het. Hulle het daarop gewys dat baie van AA se lede op ’n plaaslike, nasionale en internasionale vlak bekend was. As hierdie lede gewillig was – en talle was – waarom kon AA nie hul lidmaatskap bekendmaak om ander aan te spoor om by AA aan te sluit nie? Hierdie lede het geldige vrae gevra, maar gelukkig het ons vriende in die pers nie met hulle saamgestem nie.

Die Stigting* het briewe aan byna elke nuusafsetpunt in Noord-Amerika geskryf, ons beleid oor openbare betrekkinge verduidelik – aantrekking eerder as bemarking – en persoonlike anonimiteit as AA se grootste beskerming benadruk. Sedertdien het redakteurs en subredakteurs herhaaldelik name en foto’s van lede uit AA-kopieë gehaal; dikwels het hulle ambisieuse individue aan AA se anonimiteitsbeleid herinner. Hulle het selfs goeie stories hieroor opgeoffer. Die krag van hul samewerking het beslis gehelp. Vandag is daar slegs ’n paar AA-lede wat opsetlik anonimiteit op die openbare vlak verbreek.

Dit is kortliks die proses waardeur AA se Tradisie Elf tot stand gekom het. Vir ons verteenwoordig dit veel meer as ’n gesonde beleid oor openbare betrekkinge. Dit is meer as ’n ontkenning van selfsug. Hierdie tradisie is ’n voortdurende en praktiese herinnering daaraan dat persoonlike ambisie geen plek in AA het nie. Daardeur word elke lid ’n aktiewe beskermer van ons broederskap.

TRADISIE TWAALF

“Anonimiteit is die geestelike grondslag van al ons tradisies wat ons altyd daaraan herinner om beginsels bo persoonlikhede te stel.”

Die geestelike kern van anonimiteit is opoffering. Omdat AA se Twaalf Tradisies herhaaldelik van ons verg om persoonlike begeerte vir die groep se welsyn op te offer, besef ons dat ’n opofferende gees – wat so goed deur anonimiteit gesimboliseer word – die grondslag van elkeen van hierdie tradisies is. Dit is juis elke AA-lid se ware gewilligheid om hierdie opofferings te maak wat mense vertroue in ons toekoms gee.

Ons anonimiteit is egter aanvanklik nie uit vertroue gebore nie; dit was eerder ’n produk van ons vroeë vrese. Die eerste naamlose groepe alkoholiste wat gevorm het, was geheime verenigings. Moontlike nuwe lede het slegs van hierdie groepe te wete gekom deur met die regte mense vriende te wees. Die geringste teken van publisiteit, selfs vir die werk wat ons besig was om te doen, was vir ons ’n skok. Hoewel ons nie meer alkoholiste was nie, het ons steeds gedink dat ons van die wêreld se wantroue en minagting moes wegkruip.

Toe die Groot Boek in 1939 gepubliseer is, het ons dit “Alkoholiste Anoniem” genoem. Die voorwoord het die volgende openbarende stelling gemaak: “Dit is belangrik dat ons anoniem moet bly, want ons het op hierdie stadium te min lede om die oorweldigende getal persoonlike oproepe om hulp te hanteer wat uit hierdie publikasie mag voortvloei. Omdat ons meestal werkende mense is, sou ons in so ’n geval nie met ons beroepe kon voortgaan nie.” Dit is maklik om tussen die reëls te lees dat ons bang was dat groot getalle inkomende lede ons anonimiteit wyd sou oopbreek.

Hoe meer AA-groepe daar was, hoe meer probleme het ons met anonimiteit teëgekom. Ons was byvoorbeeld soms so opgewonde oor die ongelooflike herstel van ’n mede-alkoholis dat ons die intieme en roerende aspekte van sy geval – iets wat eintlik slegs vir sy borg se oor bedoel was – met mekaar bespreek het. Die verontregte slagoffer het natuurlik gevoel dat ons sy vertoue geskend het. Soms is hierdie stories ook buite die AA vertel. Dit het mense se vertroue in ons belofte van anonimiteit verder geskok en mense het dikwels van ons af weggedraai as gevolg hiervan. Dit het duidelik geword dat elke lid se naam – en sy storie – vertroulik moes bly as hy dit so wou hê. Dit was ons eerste les in die praktiese toepassing van anonimiteit.

Alkoholiste het egter ’n kenmerkende gebrek aan beheersing en daarom het party AA-nuwelinge uiteraard nie veel vir geheimhouding omgegee nie. Hulle wou alles en almal van AA vertel, en hulle het. Alkoholiste wat skaars droog was, het rondgehardloop en hul storie vir enigiemand vertel wat wou luister. Ander kon hulself nie gou genoeg voor kameras en mikrofone kry nie. Partymaal het hulle ongelooflik dronk geword en hul groep skandelik in die steek gelaat. Hulle was nie meer AA-lede nie; hulle was AA-windmakers.

Hierdie verskynsel het ons ernstig aan die dink gesit. “Hoe anoniem behoort ’n AA-lid te wees?” Die mate waarin ons gegroei het, het dit duidelik gemaak dat ons nie ’n geheime vereniging kon wees nie, maar dit was ewe duidelik dat ons ook nie ’n sirkus kon word nie. Dit het ons baie lank geneem om ’n goue middeweg tussen hierdie twee uiterstes te vind.

Die gemiddelde nuweling wou gewoonlik dadelik hê dat sy familie moes weet wat hy probeer doen het. Hy wou dit ook aan ander wat hom probeer help het, soos sy dokter, sy predikant en sy intieme vriende vertel. Namate sy vertroue toegeneem het, het hy begin voel dat dit reg is om sy nuwe lewenswyse aan sy werkgewer en sakevennote te verduidelik. Wanneer hy die geleentheid gehad het om ander te help, het hy gevind dat hy maklik met byna enigiemand oor AA kon praat. Hierdie private gesprekke met mense het hom gehelp om sy vrees vir die alkoholistigma te oorkom en om die nuus oor AA se bestaan in sy gemeenskap te versprei. Baie nuwe lede het as gevolg van sulke gesprekke by AA aangesluit. Hoewel dit nie streng volgens die letter van anonimiteit was nie, was sulke meedelings tog in die gees daarvan.

Dit het egter vinnig duidelik geword dat hierdie mondelinge oorvertellings alleen nie genoeg was nie. Ons werk op sigself moes openbaar gemaak word. Die AA-groepe moes so gou moontlik soveel moontlik desperate alkoholiste bereik. Gevolglik het baie groepe begin om vergaderings te hou wat oop was vir enige vriende of lede van die publiek wat dalk sou belangstel sodat die gemiddelde burger self kon sien presies waaroor die AA gaan. Die reaksie op hierdie vergaderings was hartlik medelyend. Kort daarna het die groepe begin om versoeke te ontvang vir AA-sprekers om voor stadsorganisasies, kerkgroepe en mediese verenigings te praat. Die uitkomste hiervan was goed, mits anonimiteit nie op hierdie verhoë verbreek is nie, en die teenwoordige verslaggewers teen die gebruik van name en foto’s gemaan is.

Dit is op hierdie stadium dat ons ons eerste smaak van werklike groot publisiteit ontvang het en dit was asemrowend. Nadat daar artikels oor AA in Cleveland se *Plain Dealer* verskyn het, het die lidmaatskapsyfers in daardie stad oornag van ’n paar na ’n paar honderd opgeskiet. Die nuusberigte

oor mnr. Rockefeller se dinee vir Alkoholiste Anoniem het veroorsaak dat ons lidmaatskap binne ’n jaar verdubbel het. Jack Alexander se beroemde artikel in die *Saturday Evening Post* het AA ’n nasionale instelling gemaak. Huldeblyke soos dié het geleenthede vir nog meer erkenning geskep. Ander koerante en tydskrifte wou AA-stories hê. Filmmaatskappye wou ons foto’s laat neem. Radio, en op die ou end ook televisie, het ons met versoeke oorval om op hul programme te verskyn. Wat moes ons doen?

Namate die gety van openbare goedkeuring sterker geword het, het ons besef dat dit ons óf ongelooflike goed óf ongelooflike skade kon aandoen. Dit sou alles afhang van die rigting waarin ons ons publisiteit gestuur het. Ons kon dit eenvoudig nie bekostig om te waag dat selfaangestelde lede hulle aan die publiek voorhou as messiasse wat AA verteenwoordig nie. In so ’n geval sou ons instink om die AA te bevorder ons ondergang wees. Selfs indien net een lid in die openbaar dronk geword het of verlei is om die AA-naam vir sy eie doeleindes te gebruik, sou dit ons onherstelbare skade berokken. Op hierdie hoë vlak (pers, radio, film en televisie) was anonimiteit – 100 persent anonimiteit – die enigste moontlike antwoord. Ons sou sonder uitsondering beginsels bo persoonlikhede moes plaas.

Bogenoemde ervarings het ons geleer dat anonimiteit ware nederigheid in aksie is. Dit is ’n deurdringende geestelike eienskap van die AA-lewe oral. Dit is in die gees van anonimiteit dat ons probeer om ons natuurlike begeerte op te offer om ’n naam vir onsself as AA-lid te maak, tussen mede-alkoholiste en onder die algemene publiek. Wanneer ons hierdie menslike aspirasies opsysit, help ons elkeen om ’n beskermde mantel te weef wat die Vereniging bedek, en waaronder ons in eenheid kan groei en werk.

Ons is daarvan oortuig dat nederigheid, wat ons deur anonimiteit uitdruk, die beste beskerming is wat Alkoholiste Anoniem ooit kan hê.

DIE TWAALF TRADISIES

(Die lang formaat)

Ons AA-ervaring het ons die volgende geleer:

Een – Elke lid van Alkoholiste Anoniem is slegs ’n klein onderdeel van ’n groot geheel. Vir die individu om te oorleef, moet die AA as groep oorleef. Daarom kom ons groepswelsyn eerste. Individuele welsyn volg egter kort op die hakke daarvan.

Twee – Vir die doel van ons groep is daar slegs een finale gesag – ’n liefdevolle God soos Hy Hom deur ons groepsgewete bekendmaak.

Drie – Ons lidmaatskap behoort almal in te sluit wat aan alkoholisme ly. Daarom mag ons niemand weier wat graag wil herstel nie. AA-lidmaatskap behoort ook nooit van geldelike bydraes of gelykvormigheid af te hang nie. Enige twee of drie alkoholiste wat ter wille van nugterheid vergader, kan hulself ’n AA-groep noem mits hulle as groep geen ander affiliasie het nie.

Vier – Geen AA-groep behoort ten opsigte van sy eie sake aan enige ander gesag as aan sy eie gewete verantwoording te doen nie. Indien die groep se planne egter buurgroepe se welsyn raak, behoort daardie groepe oor die saak geraadpleeg te word. Verder behoort geen groep, streekskomitee of individu ooit so op te tree dat dit AA in die geheel beduidend sou raak sonder om met die trustees van die Algemene Diensraad daaroor te vergader nie. By sulke sake is ons groepswelsyn van die grootste belang.

Vyf – Elke Alkoholiste Anoniem-groep behoort ’n geestelike eenheid te wees *met net een hoofdoel*, naamlik om sy boodskap oor te dra aan die alkoholis wat nog ly.

Ses – Probleme met geld, eiendom en invloed kan maklik ons aandag van ons geestelike hoofdoel aflei. Om hierdie rede dink ons dat enige aansienlike eiendom wat werklik vir AA van nut kan wees, afsonderlik geregistreer en bestuur behoort te word om sodoende die materiële van die geestelike te skei. ’n AA-groep as sodanig behoort nooit ’n sakeonderneming te begin nie. Sekondêre hulpmiddels vir AA, soos klubs of hospitale wat baie eiendom of administrasie vereis, behoort so geregistreer en beheer te word dat die groepe, indien nodig, maklik daarvan ontslae kan raak. Daarom behoort sulke fasiliteite nie die AA-naam te gebruik nie. Die bestuur van sulke fasiliteite behoort die uitsluitlike verantwoordelikheid te wees van die mense wat hulle finansieel ondersteun. In die geval van klubs word AA-bestuurders gewoonlik verkies, maar in die geval van hospitale en ander hersteloorde behoort dit geheel en al buitekant AA – en onder mediese toesig – te val. Hoewel ’n AA-groep met enigiemand kan saamwerk, behoort sulke samewerking nooit so ver as affiliasie of onderskrywing – werklik of implisiet – te gaan nie. ’n AA-groep kan hom aan niemand verbind nie.

Sewe – Die AA-groepe self behoort ten volle deur die vrywillige bydraes van hul eie lede onderhou te word. Ons is van mening dat elke groep gou hierdie ideaal behoort te bereik; dat enige openbare fondsinsameling waarin die naam van Alkoholiste Anoniem gebruik word, hoogs gevaarlik is, of dit deur groepe, klubs, hospitale of ander buite-instansies gedoen word; dat die aanvaarding van groot skenkings uit enige bron of van bydraes wat enige verpligting inhou, onverstandig is. AA-groepe behoort ook nie fondse, bo en behalwe verstandige reserwes, vir enige verklaarde AA-doeleindes op te gaar nie. Uit ervaring weet ons dat niks ons geestelike erfenis so beslis kan vernietig as nuttelose twiste oor eiendom, geld en invloed nie.

Agt – Alkoholiste Anoniem behoort altyd nieprofessioneel te bly. ’n Lid word as ’n professionele AA-lid beskou wanneer hy teen betaling raad aan alkoholiste gee. Ons mag nooit betaling vir twaalfdestapwerk ontvang nie, maar ons mag alkoholiste in diens neem waar hulle daardie dienste sal lewer waarvoor ons andersins nie-alkoholiste sou moes aanstel. Sulke spesiale dienste kan ruim voor vergoed word.

Nege – Elke AA-groep het die mins moontlike formele organisasie nodig. Roterende leierskap is die beste. Kleiner groepe kan ’n sekretaris/sekretaresse verkies, groter groepe ’n roterende komitee en groepe in groot stedelike gebiede ’n sentrale of intergroepkomitee wat dikwels ’n voltydse sekretaris/sekretaresse in diens neem. Die trustees van die Algemene Diensraad is in werklikheid die AA Algemene Dienskomitee. Hulle is die bewakers van AA-tradisie en die ontvangers van vrywillige AA-bydraes waarmee ons die AA Algemene Dienskantoor in New York onderhou. Hulle word deur die groepe gemagtig om ons oorkoepelende openbare betrekkinge te hanteer en hulle waarborg die integriteit van ons hoofnuusblad, die *AA Grapevine*. Alle AA-verteenwoordigers behoort hulle deur die gees van diens te laat lei, want ware leiers in AA is slegs betroubare en ervare dienaars van die geheel. Daar ontstaan geen gesag uit hul titels nie; hulle regeer nie. Universele respek is die sleutel tot hul dienswilligheid.

Tien – Geen AA-groep of -lid behoort ooit op ’n wyse wat AA betrek, enige mening oor omstrede buite-kwessies uit te spreek nie – veral nie kwessies van politiek, alkoholhervorming of sektariese godsdiens nie. AA-groepe staan niemand teen nie. Oor sulke sake kan hulle hoegenaamd geen mening uitspreek nie.

Elf – Ons betrekkinge met die algemene publiek behoort deur persoonlike anonimiteit gekenmerk te word. Ons is van mening dat AA sensasionele reklame behoort te vermy. Ons name en foto’s as AA-lede behoort nie in die publiek uitgesaai, verfilm of gedruk te word nie. Ons openbare betrekkinge behoort op die beginsel te berus dat ons mense aantrek eerder as wat ons AA bemark. Ons het nie die behoefte om onsself te prys nie. Ons verkies dat ons deur vriende aanbeveel word.

Twaalf – Ten slotte glo ons as Alkoholiste Anoniem dat die beginsel van anonimiteit enorme geestelike betekenis het. Dit herinner ons daaraan dat ons beginsels bo persoonlikhede behoort te stel; dat ons opregte nederigheid behoort te beoefen. Ons doen dit sodat ons nie deur ons seëninge bederf word nie en dat ons altyd in dankbaarheid kan leef vir Hom wat oor ons heers.

*Die naam is 1954 van die Alkoholiste Stigting Bpk. na die Algemene Diensraad van Alkoholiste Anoniem Bpk. verander. Die Stigtingskantoor staan nou as die Algemene Dienskantoor bekend.

*Die werk van ons huidige personeellede het geen gelyke in die werkkategorieë van kommersiële organisasies nie. Hierdie AA-lede bring ’n groot verskeidenheid sake- en professionele ervaring na hul diens by die Algemene Dienskantoor.

ALKOHOLISTE ANONIEM SE TWAALF TRADISIES

1 Ons groepswelsyn behoort eerste te kom; persoonlike herstel is van AA-eenheid afhanklik.

2 Vir die doel van ons groep is daar slegs een finale gesag – ’n liefdevolle God soos Hy Hom deur ons groepsgewete openbaar. Ons leiers is net betroubare dienaars; hulle regeer nie.

3 Die enigste vereiste vir AA-lidmaatskap is ’n begeerte om op te hou drink.

4 Elke AA-groep behoort selfbesturend te wees, behalwe in sake waar dit ander groepe of AA in die geheel raak.

5 Elke AA-groep het slegs een hoofdoel – om sy boodskap oor te dra aan die alkoholis wat nog ly.

6 ’n AA-groep behoort nooit enige verwante fasiliteit of buite-onderneming te onderskryf, te finansier of die AA-naam daaraan te koppel nie sodat probleme met geld, eiendom en invloed ons nooit van ons hoofdoel weglei nie.

7 Elke AA-groep behoort ten volle selfonderhoudend te wees en bydraes van buite te weier.

8 Alkoholiste Anoniem behoort altyd nieprofessioneel te bly, maar ons dienssentrums mag spesiale werkers in diens neem.

9 Alkoholiste Anoniem as sodanig behoort nooit formeel georganiseer te wees nie, maar ons mag diensrade of komitees stig wat direk aanspreeklik is aan diegene wat hulle dien.

10 Alkoholiste Anoniem het geen mening oor buite-kwessies nie; gevolglik behoort die AA-naam nooit by openbare meningsverskille ingesleep te word nie.

11 Ons beleid oor openbare betrekkinge berus daarop dat ons mense aantrek eerder as wat ons AA bemark; ons behoort altyd persoonlike anonimiteit in die pers, oor die radio en op film te behou.

12 Anonimiteit is die spirituele grondslag van al ons tradisies wat ons altyd daaraan herinner om beginsels bo persoonlikhede te stel.